	Every additional 10 000 or fraction thereof	1 additional bay

Note: For special requirements in Sub-zone B6, of a General Business Use Zone and Sub-zone C6 of a General Commercial Use Zone, refer to the provisions of section 100 relating to the Special Area Roggebaai.

(4) Ondanks die bepalinge van onderafdeling (1), waar 'n Inrigting behalwe 'n hospitaal of verpleeginrigting in 'n Algemene Sake- of Algemene Handelsgebruiksone geleë is, hoef geen parkeervakke voorsien te word nie.

(5) Waar twee of meer geboue wat parkering kragtens onderafdeling (1) vereis, op dieselfde terrein geleë is en die Raad oortuig is dat hulle nie te eniger tyd tegelykertyd gebruik sal word nie, hoef slegs die gebou wat kragtens onderafdeling (1) van die groter omvang van parkeergebiede voorsien moet word, van parkeergebiede voorsien te word, met dien verstande dat indien sodanige geboue by een of meer geleenthede tegelykertyd gebruik word, die volle omvang van parkeergebiede wat kragtens onderafdeling (1) vir die betrokke gebou vereis word, voorsien word.

Omvang van laaigebiede vereis

78. Voorsiening moet op die terrein gemaak word van elke gebou wat in sy geheel of gedeeltelik in 'n kategorie val wat gespesifiseer word in Kolom 1 van die volgende Tabel, opgerig in Subzone B1, B2 of B3 van 'n Algemene Sakegebruiksone of in Subzone C1, C2 of C3 van 'n Algemene Handelsgebruiksone of in 'n Algemene of Skadelike Nywerheidsgebruiksone, met 'n Werklike Vloeroppervlakte gespesifiseer in Kolom 2 van sodanige Tabel, vir laaigebiede, tot 'n omvang van nie minder nie as dit wat voorgeskryf word in Kolom 3 van sodanige Tabel; met dien verstande dat waar daar meer as een gebou op 'n terrein is, of waar verskillende gedeeltes van 'n gebou of geboue op 'n terrein vir verskillende doeleindes gebruik word, die vereiste omvang van 'n laaigebied vir sodanige gebou of geboue op sodanige terrein bepaal word deur—

(a) die berekening van die totale Werklike Vloeroppervlakte van elke gebou of gedeelte van 'n gebou wat gebruik word as—

(i) 'n Kantoorgebou, en

(ii) 'n Sakeperseel (behalwe 'n Kantoorgebou), 'n Winkel, 'n Nywerheidsgebou;

(b) die bepaling van die omvang van laaigebiede wat vereis sou word kragtens die Tabel vir geboue met Werklike Vloeroppervlaktes onderskeidelik gelyk aan dié bereken kragtens die bepalinge van paragraaf (a) vir elkeen van subparagrafe (i) en (ii); en

(c) die byvoeging van die omvang van laaigebiede aldus bepaal vir elkeen van subparagrafe (i) en (ii) hierbo genoem—

Tabel: Omvang van laaigebiede vereis vir verskillende kategorieë van geboue in sekere gebruiksones

Kategorie van betrokke gebou	Werklike Vloeroppervlakte van geboue in m ² (tot die naaste m ²)	Vereiste omvang van laaigebiede
1	2	3
Kantoorgebou	0 tot 5 000	—
	5 001 tot 15 000	1 vak
	15 001 tot 30 000	2 vakke
	Elke bykomende 30 000 of breuk daarvan	1 bykomende vak
Sakeperseel (behalwe 'n Kantoorgebou), Winkel, Nywerheidsgebou, Spesiale Nywerheidsgebou	0 tot 1 000	—
	1 001 tot 2 500	1 vak
	2 501 tot 5 000	2 vakke
	5 001 tot 10 000	3 vakke
	Elke bykomende 10 000 of breuk daarvan	1 bykomende vak

Let Wel: Vir spesiale vereistes in Subzone B6 van 'n Algemene Sakegebruiksone en Subzone C6 van 'n Algemene Handelsgebruiksone, sien die bepalinge van afdeling 100 wat met die Spesiale Gebied Roggebaai verband hou.

Requirements applicable to all parking, garaging and loading areas

79. (1) Except in the case of a Dwelling House or Double Dwelling House, any proposed parking, garaging or loading areas, whether or not such areas are required in terms of section 77 or 78, and the access areas thereto, shall be shown on building plans submitted to the Council, and the Council shall have the right to approve or disapprove of such plans.

(2) All parking, garaging, loading and access areas on any site, whether or not such areas are required in terms of section 77 or 78, shall comply with the following requirements—

(a) Except in the following cases, the layout of any parking or garaging area on a site shall be such that vehicles can readily leave the site without reversing across the footway:

(i) Where not more than 8 vehicles are to be accommodated in a parking or garaging area on a site located in a General Industrial or Special Industrial Use Zone, provided that no entrance or exitway across the footway for such parking area or garaging area is within 5 m of any other entrance or exitway across the footway on the same site and that a maximum of 60% of the length of any street boundary of the site is utilised for access or egress ways.

(ii) Where not more than 4 vehicles are to be accommodated in a parking or garaging area on a site located in any Use Zone other than a General Industrial or Special Industrial Use Zone.

(b) Except in the case of a site of a Dwelling House, Double Dwelling House, Group of Dwelling Houses, Service Station and the site of a building in any General Industrial or Special Industrial Use Zone, entrances and exitways across the footway shall be limited to one each, not exceeding 5 m in width per site, or alternatively, to one combined entrance and exitway, not exceeding 8 m in width, per site; provided that where the total length of the street frontages of a site exceeds 30 m or where a site abuts two different streets, additional entrances and exitways or combined entrance and exitways shall be permitted, provided that no two entrances or exitways, combined entrance and exitways are closer together than 15 m; such additional entrances, exitways or combined entrance and exitways shall not exceed 5 m or 8 m in width respectively.

(c) Entrances, exitways and combined entrance and exitways serving a Grouped Dwellings Site as defined in section 90 shall not be closer together than 5 m.

(d) Except in the case of a Dwelling House, Double Dwelling House and a Group of Dwelling Houses no crossing over the footway shall be nearer than 9 m to an intersection of streets.

(e) A suitable wall, fence or similar barrier shall be erected along any street boundary of the site, where necessary, to ensure that vehicles do not cross such boundary elsewhere than at the entrances and exitways prescribed in paragraph (b).

(f) Notwithstanding the provisions of paragraphs (a) to (d), no crossing over the footway of a street shall be permitted where, in the opinion of the Council, a pedestrian or vehicular traffic hazard would be created.

Requirements applicable to compulsory parking and garaging areas

80. Parking and garaging area required in terms of section 77 and access areas thereto shall comply with the following requirements—

(a) Every bay shall be at least 2,5 m wide and 5,0 m in length.

(b) The layout of bays and access areas shall, except with the consent of the Council, conform to the minimum standards depicted on Plan TPZ 8457/1.

(c) Vehicle access areas serving more than 4 motor-cars shall have a

Vereistes van toepassing op alle gebiede vir parkering, stalling en laai

79. (1) Behalwe in die geval van 'n Woonhuis of 'n Dubbele Woonhuis, moet enige voorgestelde gebiede vir parkering, stalling of laai, of sodanige gebiede kragtens afdeling 77 of 78 vereis word, al dan nie, en die toegangsgebiede daartoe, aangedui word op bouplanne wat aan die Raad voorgelê word en die Raad het die reg om sodanige planne goed of af te keur.

(2) Alle gebiede vir parkering, stalling, laai en toegangsgebiede op enige terrein of sodanige gebiede kragtens afdeling 77 of 78 vereis word, al dan nie, moet aan die volgende vereistes voldoen—

(a) Behalwe in die volgende gevalle, moet die uitleg van enige parkeer- of stallingsgebied op 'n terrein sodanig wees dat voertuie die terrein geredelik kan verlaat sonder dat hulle agteruit oor die sypaadjie hoef te ry.

(i) Waar nie meer as 8 voertuie in 'n parkeer- of stallingsgebied op 'n terrein geleë in 'n Algemene of Spesiale Nywerheidsgebruiksone geakkommodeer hoef te word nie, met dien verstande dat geen ingang of uitgang oor die sypaadjie vir sodanige parkeer- of stallingsgebied nader as 5 m is aan enige ander ingang of uitgang oor die sypaadjie op dieselfde terrein nie en dat 'n maksimum van 60% van die lengte van enige straatgrens van die terrein vir in- of uitgange gebruik word nie.

(ii) Waar nie meer as 4 voertuie in 'n parkeer- of stallingsgebied op 'n terrein geleë in enige Gebruiksone behalwe 'n Algemene of Spesiale Nywerheidsgebruiksone geakkommodeer hoef te word nie.

(b) Behalwe in die geval van 'n terrein van 'n Woonhuis, Dubbele Woonhuis, Groep Woonhuise, Dienststasie, en die terrein van 'n gebou in enige Algemene of Spesiale Nywerheidsgebruiksone, word die ingange en uitgange oor die sypaadjie tot een elk beperk wat nie 5 m in breedte per terrein oorskry nie, of word alternatiewelik beperk tot een gekombineerde ingang en uitgang wat nie 8 m, in breedte per terrein oorskry nie; met dien verstande dat waar die totale lengte van die straatfronte van 'n terrein 30 m oorskry of waar 'n terrein aan twee verskillende strate grens, is bykomende ingange en uitgange of gekombineerde ingange en uitgange toelaatbaar, met dien verstande dat geen twee ingange of uitgange, gekombineerde ingange en uitgange nader as 15 m aan mekaar is nie; sodanige bykomende ingange, uitgange of gekombineerde ingange en uitgange nie 5 m of 8 m in breedte onderskeidelik oorskry nie.

(c) Ingange, uitgange en gekombineerde ingange en uitgange wat 'n Gegroepeerde Woningsterrein soos omskryf in afdeling 90 bedien, mag nie nader as 5 m aan mekaar wees nie.

(d) Behalwe in die geval van 'n Woonhuis, Dubbele Woonhuis en 'n Groep Woonhuise mag geen oorgang oor die sypaadjie nader as 9 m aan 'n kruising van strate wees nie.

(e) 'n Geskikte muur, heining of soortgelyke versperring moet waar nodig, langs enige straatgrens van die terrein opgerig word om te verseker dat voertuie nie sodanige grens elders as by die ingange en uitgange wat in paragraaf (b) voorgeskryf word kruis nie.

(f) Ondanks die bepalinge van paragraaf (a) tot (d), word geen oorgang oor die sypaadjie van 'n straat toegelate waar daar na die mening van die Raad 'n gevaar vir voetganger- of voertuigverkeer geskep sal word nie.

Vereistes van toepassing op verpligte parkeer- en stallingsgebiede

80. Gebiede vir parkering en stalling vereis kragtens afdeling 77 en toegangsgebiede daartoe moet aan die volgende vereistes voldoen—

(a) Elke vak moet minstens 2,5 m breed en 5,0 m lank wees.

(b) Die uitleg van vakke en toegangsgebiede moet, behalwe met die toestemming van die Raad, voldoen aan die minimum standdaarde wat op Plan TPZ 8457/1 aangedui word.

(c) Toegangsgebiede vir voertuie wat meer as 4 motors bedien moet

81
wi(t
f(c
fo
th
wt
thi

minimum clear width of 2,7 m if used for one-way movement, or 5,5 m if used for two-way movement; provided that any such two-way access area which is less than 15 m long and which links a parking or garaging area directly with a street need not be wider than 2,7 m.

(d) All access areas to parking areas required in pursuance of Column 3 of the Table in subsection (1) of section 77 shall not be covered; all other access areas and all garaging areas shall have a minimum headroom of 2,1 m.

(e) All bays and access areas shall be suitably graded, shall be surfaced with brick paving, asphalt, concrete or other hard, durable, dustless, surface laid on firm compacted ground, and shall be effectively drained, and the bays shall be marked out in white lines 100 mm wide in approved traffic paint or in a similarly distinctive manner by the use of surfacing materials with contrasting colours. Such surface shall conform to the following minimum specifications—

Asphalt surface: 25 mm finished thickness or asphalt macadam on 100 mm finished thickness of well-consolidated gravel or hard-core.

Other surfaces: 100 mm thick or as approved by the Council.

(f) Notice boards shall be erected for the purpose of guiding visitors or patrons to the parking area prescribed by Column 3 of the Table in section 77. Such notice boards shall be of durable material, shall be approximately 2 m above ground level, and shall bear the words "Parking Area for Visitors — Parkeerterrein vir Besoekers" or the words "Parking Area for Patrons — Parkeerterrein vir Klante" as may be appropriate, in clear lettering at least 75 mm high, with a directional arrow; where the parking area is not readily visible from the entrance to the site such notice boards shall bear such additional information as may be necessary to enable visitors or patrons to find the parking area. Particulars of such notice boards, including the materials to be used and their proposed positions, shall be shown on the building plans, and shall be subject to the approval of the Council.

(g) In the case of parking and garaging areas required to be provided for Industrial Buildings and Special Industrial Buildings it shall be permissible, notwithstanding anything to the contrary in paragraph (b), for the bays, other than those required in pursuance of Column 3 of the Table in subsection (1) of section 77, to be so arranged that some of such bays cannot be vacated until adjacent bays are vacated.

Requirements applicable to compulsory loading areas

81. All loading areas required in terms of section 78 shall comply with the following requirements—

(a) Every bay required in terms of section 78 shall be at least 7,5 m long and 4,5 m wide.

(b) The layout of bays and access areas thereto shall be such that they can be entered and left at all times by a motor lorry of the following specifications—

Overall length	6,4 m
Overall width	2,4 m
Distance of rear axle from rear of lorry	1,5 m
Distance of centre of rotation of lorry from mid-point of rear axle at full lock of steering	7 m

(c) Access areas shall have a minimum clear width of 3 m if used for one-way movement or 6 m if for two-way movement, provided that any such two-way access area which is less than 15 m long and which links a loading area directly with a street need not be wider than 3 m.

'n onbelemmerde minimum breedte van 2,7 m hê indien dit vir eenrigting-beweging gebruik word, of 5,5 m indien dit vir tweerigting-beweging gebruik word; met dien verstande dat enige sodanige tweerigting-toegangsgebied wat minder as 15 m lank is, en wat 'n gebied vir parkering of stalling regstreeks met 'n straat verbind, nie breër as 2,7 m hoef te wees nie.

(d) Alle toegangsgebiede tot parkeergebiede vereis kragtens Kolom 3 van die Tabel in onderafdeling (1) van afdeling 77 moet onbedek wees; alle ander toegangsgebiede en alle stallingsgebiede moet 'n minimum kopruimte van 2,1 m hê.

(e) Alle vakke en toegangsgebiede moet behoorlik gegradeer word, moet 'n oppervlakte hê van steenplaveisel, asfalt, beton of 'n ander harde, duursame, stofvrye oppervlakte gelê op stewige, verdigte grond, en moet doeltreffend gedreineer word, en die vakke moet gemerk word met wit strepe, 100 mm breed, met goedgekeurde verkeersverf of op soortgelyke onderskeibare wyse deur gebruik te maak van oppervlaktmateriaal met kontrasterende kleure. Sodanige oppervlakte moet aan die volgende minimum spesifikasies voldoen—

Asfalt-oppervlakte: Asfalt-macadam met afgewerkte dikte van 25 mm op goed verharde gruis of harde puin met afgewerkte dikte van 100 mm.

Ander oppervlaktes: 100 mm dik of soos goedgekeur deur die Raad.

(f) Kennisgewingborde moet opgerig word met die doel om as aanwysing te dien vir besoekers of klante na die parkeer gebied voorgeskryf in Kolom 3 van die Tabel in afdeling 77. Sodanige kennisgewingborde moet van duursame materiaal wees, ongeveer 2 m bo grondhoogte, met die woorde "Parking Area for Visitors — Parkeerterrein vir Besoekers" of die woorde "Parking Area for Patrons — Parkeerterrein vir Klante", soos wat van toepassing mag wees, daarop, in duidelik letters, minstens 75 mm hoog, met 'n rigtingspyl; waar die parkeer gebied nie geredelik vanaf die ingang tot die terrein sigbaar is nie, moet daar op sodanige kennisgewingborde sodanige bykomende inligting verskyn as wat nodig mag wees om besoekers of klante in staat te stel om die parkeer gebied te vind. Besonderhede van sodanige kennisgewingborde, insluitende die materiaal wat gebruik moet word en hul voorgestelde posisie moet op die bouplanne aangedui word en is onderworpe aan die goedkeuring van die Raad.

(g) In die geval van gebiede vir parkering en stalling wat vir Nywerheidsgeboue en Spesiale Nywerheidsgeboue voorsien moet word, is dit, strydige bepalinge in paragraaf (b) vervat ten spyte, toelaatbaar dat die vakke, behalwe dié wat kragtens Kolom 3 van die Tabel in onderafdeling (1) van afdeling 77 vereis word, so uitgelê word dat sommige van sodanige vakke nie ontruim kan word voordat aangrensende vakke ontruim is nie.

Vereistes van toepassing op verpligte laaigebiede

81. Alle laaigebiede vereis kragtens afdeling 78 moet aan die volgende vereistes voldoen—

(a) Elke vak vereis kragtens afdeling 78 moet minstens 7,5 m lank en 4,5 m breed wees.

(b) Die uitleg van vakke en toegangsgebiede daartoe moet sodanig wees dat hulle te alle tye binnegegaan en verlaat kan word deur 'n vrugmotor met die volgende spesifikasies—

Totale lengte	6,4 m
Totale breedte	2,4 m
Afstand van agteras vanaf agterkant van vrugmotor ...	1,5 m
Afstand van rotasiepunt van vrugmotor vanaf middelpunt van agteras teen die volle stuurklemming	7 m

(c) Toegangsgebiede moet 'n onbelemmerde minimum breedte van 3 m hê indien dit gebruik word vir eenrigting-beweging of 6 m indien dit gebruik word vir tweerigting-beweging, met dien verstande dat sodanige tweerigting-toegangsgebied wat minder as 15 m lank is en wat 'n laaigebied regstreeks met 'n straat verbind, nie breër as 3 m hoef te wees nie.

(d) Covered loading areas and access areas shall have a minimum headroom of 3,7 m.

(e) All loading areas and access areas shall be suitably graded, surfaced, drained and marked out in accordance with the provisions of paragraph (e) of section 80.

Duties of owner

82. The owner of any building for which in terms of section 77 or 78 the provisions of parking, garaging or loading areas is required shall—

(a) provide, construct and mark out such areas, including access areas, as may be necessary, in accordance with the approved plans and the requirements of this Chapter;

(b) maintain all such areas in a useable condition and such marking-out in a legible condition at all times;

(c) ensure that no markings are made on any parking area prescribed by Column 3 of the Table in section 77 which would discourage, interfere with or prevent their use by visitors or patrons;

(d) ensure that access to any parking area prescribed by Column 3 of the Table in section 77 is kept free and unencumbered at all times and that such parking area is not used for purposes of business or trade or any other purpose than the parking of cars by visitors or patrons;

(e) ensure that any loading area prescribed by section 78 is kept available as a loading area at all times and is not used for any other purpose; and

(f) provide and erect the notice boards referred to in section 80, maintain them in a legible condition at all times and ensure that no notice boards are erected which would discourage, interfere with or prevent the use of any parking area prescribed by Column 3 of the Table in section 77 by visitors or patrons.

Combined Building or more than one Building on Site

83. Subject to the provisions of section 77(5),—

(i) in the case of a Combined Building, parking, garaging and loading areas shall be provided in respect of the several parts thereof in conformity with the provisions of this Chapter, and the arrangement of such areas shall be such as to ensure that each such area is convenient of access to occupants, visitors or patrons of the parts of the building concerned;

(ii) in cases where more than one building is erected on a site the foregoing provisions shall apply *mutatis mutandis* to the several buildings concerned.

CHAPTER XI: SPECIAL TYPES OF BUILDINGS

Special Types of Buildings

84. The provisions of this Chapter relating to certain types of buildings shall be in addition to any other provisions applicable to such buildings in terms of any other Chapter.

Service Stations

85. (1) In this section—

“access way” means a vehicular ingress to or egress from any portion of the site of a Service Station, being a portion where petrol or other liquid fuel is supplied;

“pump” means a fuel pump at a Service Station;

“Service Station” includes the site of any premises where petrol or other liquid fuel for motor vehicles is supplied retail, whether or not servicing, repairs or adjustments are carried out to such vehicles;

(d) Bedekte laaigebiede en toegangsgebiede moet 'n minimum kopruimte van 3,7 m hê.

(e) Alle laaigebiede en toegangsgebiede moet behoorlik gegradeer, van 'n oppervlakte voorsien, gedreineer en gemerk word kragtens die bepalinge van paragraaf (e) van afdeling 80.

Pligte van eienaar

82. Die eienaar van enige gebou waarvoor die voorsiening van gebiede vir parkering, stalling en laai kragtens afdeling 77 of 78 vereis word, moet—

(a) sodanige gebiede voorsien, bou en merk, insluitende toegangsgebiede, soos wat nodig mag wees, ooreenkomstig die goedgekeurde planne en die vereistes van hierdie Hoofstuk;

(b) te alle tye alle sodanige gebiede in 'n bruikbare toestand en sodanige merke in 'n leesbare toestand hou;

(c) verseker dat geen merke op enige parkeergebied, soos voorgeskrif in Kolom 3 van die Tabel in afdeling 77, gemaak word wat hul gebruik deur besoekers of klante sal ontmoedig, belemmer of voorkom nie;

(d) verseker dat toegang tot enige parkeergebied voorgeskrif in Kolom 3 van die Tabel in afdeling 77 te alle tye onbeset en onbeswaar gehou word en dat sodanige parkeergebied nie vir doeleindes van besigheid of handel of vir enige ander doel gebruik word as die parkering van motors deur besoekers of klante nie;

(e) verseker dat enige laaigebied voorgeskrif in afdeling 78 te alle tye as 'n laaigebied beskikbaar gehou word en nie vir enige ander doel gebruik word nie; en

(f) die kennisgewingborde waarna in afdeling 80 verwys word, voorsien en oprig en hulle te alle tye in 'n leesbare toestand hou en verseker dat geen kennisgewingborde opgerig word wat die gebruik van enige parkeergebied voorgeskrif in Kolom 3 van die Tabel in afdeling 77 deur besoekers of klante sou ontmoedig, belemmer of voorkom nie.

Gekombineerde Gebou of meer as een Gebou op Terrein

83. Behoudens die bepalinge van afdeling 77(5), moet—

(i) in die geval van 'n Gekombineerde Gebou, gebiede vir parkering, stalling en laai voorsien word ten opsigte van die verskeie gedeeltes daarvan in ooreenstemming met die bepalinge van hierdie Hoofstuk en die uitleg van sodanige gebiede moet sodanig wees dat verseker word dat elke sodanige gebied gemaklik toegang bied aan okkupeerders, besoekers of klante van die gedeeltes van die betrokke gebou;

(ii) in gevalle waar meer as een gebou op 'n terrein opgerig word, is die voornoemde bepalinge *mutatis mutandis* op die verskeie betrokke geboue van toepassing.

HOOFSTUK XI: SPESIALE SOORTE GEBOUE

Spesiale soorte geboue

84. Die bepalinge van hierdie Hoofstuk wat betrekking het op sekere soorte geboue is, behalwe enige ander bepalinge, van toepassing op sodanige geboue kragtens enige ander Hoofstuk.

Diensstasies

85. (1) In hierdie afdeling—

beteken “toegangsweg” 'n voertuigingang tot of -uitgang uit enige gedeelte van die terrein van 'n Diensstasie, synde 'n gedeelte waar petrol of enige ander vloeibare brandstof verskaf word;

beteken “pomp” 'n brandstofpomp by 'n Diensstasie;

sluit “diensstasie” die terrein in van enige perseel waar petrol of ander vloeibare brandstof vir motorvoertuie by die kleinmaat verskaf word, of versiening van of herstel- of verstellingswerk aan sodanige voertuie uitgevoer word, al dan nie;

"traffic island" means a raised area in a roadway intended for the physical separation of traffic or for the use of pedestrians or for both.

(2) No Service Station shall be erected or established on a site unless every street frontage of the site containing one access way is at least 23 m in length, and every street frontage containing two or more access ways is at least 30 m in length; provided that where portion of such site is occupied at ground level by a building other than a Service Station, and such building is less than 8 m from a street boundary, the portion of the street boundary opposite such building shall not be included in the determination of street frontage.

(3) No access way shall be nearer than 30 m to any of the following—

(a) An intersection of streets, two or more of which are declared main, trunk or divisional roads in terms of the Roads Ordinance 1976 (Ordinance 19 of 1976), or any other road of like status.

(b) Any robot, whether existing or intended to be erected.

(c) Any intersection of streets where traffic is controlled or is intended to be controlled by a traffic island.

(4) Access ways shall comply with the following requirements—

(a) No access way shall be nearer than 6 m to a lateral boundary of the site concerned.

(b) No access way shall be nearer than 9 m to an intersection of streets.

(c) The width of an access way shall not exceed 8 m.

(d) The site of a Service Station shall not have more than two access ways; provided that this number may be exceeded if no two access ways are closer together than 15 m.

(e) A wall at least 102 mm thick and 215 mm high shall be erected along the entire street boundary except at the access ways.

(5) No pump shall be erected so that the base or island on which such pump stands is less than 3,6 m from the nearest street boundary, such measurement being taken at right angles to such boundary through the central vertical axis of such pump.

(6) The following provisions shall apply to any Service Station erected or established on a site which is wholly or partly in a Special Business or General Business Use Zone—

(a) No panel beating, spray painting, retreading of tyres, engineering work or repairs or adjustments other than minor repairs or adjustments shall be carried out at such Service Station.

(b) Any vehicle servicing area ancillary to such Service Station shall be physically demarcated from the remainder of the Service Station by brick walls 215 mm thick, at least 2 m high and having the minimum area of openings required for reasonable access to such servicing area. The Actual Floor Area of such servicing area, exclusive of any lubrication or wash bays, shall not exceed 200 m².

(c) No Service Station shall be erected or established on any such site if such site is less than 180 m from the site of another Service Station in any such Use Zone on the same side of the street.

(d) Any part of the site of a Service Station used for the storage of empty containers or any other articles or materials used for or incidental to the conduct of such Service Station (other than articles or materials normally kept on the driveway of a Service Station), or for carrying on any work in connection therewith, shall

beteken "verkeerseiland" 'n verhewe gebied in 'n pad bedoel vir die fisiese skeiding van verkeer of vir die gebruik van voetgangers of albei.

(2) Geen Diensstasie mag op 'n terrein opgerig of gevestig word tensy elke straatfront van die terrein wat een toegangsweg bevat minstens 23 m lank is en elke straatfront wat twee of meer toegangswêë bevat minstens 30 m lank is nie; met dien verstande dat waar 'n gedeelte van sodanige terrein op grondhoogte deur 'n gebou, behalwe 'n Diensstasie, in beslag geneem word, en sodanige gebou nader as 8 m vanaf 'n straatgrens is, dié gedeelte van die straatgrens aan die oorkant van sodanige gebou nie ingesluit mag word in die bepaling van die straatfront nie.

(3) Geen toegangsweg mag nader as 30 m aan enigeen van die volgende wees nie—

(a) 'n Kruising van strate, waarvan twee of meer geproklameerde hoofwêë, hoof- of afdelingspaaie is kragtens die Ordonnansie op Paaie, 1976 (Ordonnansie 19 van 1976), of enige ander pad van soortgelyke status.

(b) Enige verkeerslig, hetsy 'n bestaande een of een wat beoog word om opgerig te word.

(c) Enige kruising van strate waar verkeer deur 'n verkeerskruisling beheer word of waar daar beoog word om dit deur 'n verkeerskruisling te beheer.

(4) Toegangswêë moet aan die volgende vereistes voldoen—

(a) Geen toegangsweg mag nader as 6 m aan 'n sygrens van die betrokke terrein wees nie.

(b) Geen toegangsweg mag nader as 9 m aan 'n kruising van strate wees nie.

(c) Die breedte van 'n toegangsweg mag nie 8 m oorskry nie.

(d) Die terrein van 'n Diensstasie mag nie meer as twee toegangswêë hê nie; met dien verstande dat hierdie getal oorskry mag word indien geen twee toegangswêë nader as 15 m aan mekaar is nie.

(e) 'n Muur minstens 102 mm dik en 215 mm hoog moet langs die hele straatgrens behalwe by die toegangswêë opgerig word.

(5) Geen pomp mag opgerig word sodat die basis of eiland waarop sodanige pomp staan, minder as 3,6 m van die naaste straatgrens is nie en sodanige afmeting reghoekig is tot sodanige grens deur die sentrale vertikale as van sodanige pomp.

(6) Die volgende bepalinge is van toepassing op enige Diensstasie opgerig of gevestig op 'n terrein wat heeltemal of gedeeltelik in 'n Spesiale of Algemene Sakegebruiksone val—

(a) Geen paneelklopwerk, spuitverfwerk, versoling van bande, ingenieurswerk, herstelwerk of verstellings behalwe geringe herstelwerk of verstellings mag by sodanige Diensstasie onderneem word nie.

(b) Enige voertuigversieningsgebied by sodanige Diensstasie moet fisies geskei wees van die restant van die Diensstasie deur steenmure 215 mm dik, minstens 2 m hoog en met die minimum oppervlakte van openinge vereis vir redelike toegang tot sodanige versieningsgebied. Die Werklike Vloeroppervlakte van sodanige versieningsgebied, uitgesonderd enige smeer- of wasvakke, mag nie 200 m² oorskry nie.

(c) Geen Diensstasie mag op enige sodanige terrein opgerig of gevestig word indien sodanige terrein minder as 180 m van die terrein van 'n ander Diensstasie in enige sodanige Gebruiksone aan dieselfde kant van die straat is nie.

(d) Enige gedeelte van die terrein van 'n Diensstasie wat gebruik word vir die berging van lêë houers of enige ander voorwerpe of materiaal wat gebruik word vir of wat saamhang met die bestuur van sodanige Diensstasie (behalwe artikels of materiaal wat gewoonlik op die oprit van 'n Diensstasie gehou word), of vir die uitvoering van enige werk in verband daarmee, moet van enige

be screened from view from any street or public place by a wall at least 2 m high.

Laundrettes and Cleanettes

86. In the case of every establishment which is a laundrette or a cleanette or a combination of both, erected or established on a site which is wholly or partly in any Special Business or General Business Use Zone, the Actual Floor Area of the portions of such establishment which comprise the shop for receiving and returning clothes, the workshop and the space occupied for storage of clothes, shall not exceed 260 m².

Funeral Parlours

87. No funeral parlour shall be erected on a site which is less than 90 m from an intersection of streets referred to in subsection (3) of section 85.

Putting Courses and Drive-in Restaurants

88. (1) In this section—

“putting course” means any land or buildings used for an outdoor miniature golf course; and

“drive-in restaurant” means any land or buildings used for a restaurant or cafe from which food and refreshment are served to patrons who remain seated in motor-cars parked in the vicinity of such restaurant or cafe.

(2) Notwithstanding anything to the contrary contained in these Scheme Regulations, no putting course or drive-in restaurant shall be established or operated except with the consent of the Council.

Supermarkets

89. (1) Where it is intended to erect a new Supermarket or convert existing premises to a Supermarket, building plans shall be submitted to the Council clearly indicating the layout and extent of the nett retail area of the Supermarket defined in section 2.

(2) No person shall convert any premises or portions thereof to a Supermarket or increase the nett retail area of any existing supermarket except with the written consent of the Council.

Groups of Dwelling Houses

90. (1) In this section—

“Applicant” means the person referred to in subsection (2);

“Grouped Dwellings Site” means the site of one or more Groups of Dwelling Houses together with all Private Areas provided or required in terms of this section to be provided in connection with such Group or Groups of Dwelling Houses;

“Parking Area”, “garaging area” and “bay” bear the meanings assigned to them in section 76 (2).

“Portion” means an erf shown on a plan submitted to the Council in terms of subsection 2 (b), and

“Private Area” means an erf or Portion which

(i) is designated on an approved plan of subdivision or on a plan submitted to the Council in terms of subsection (2) (b) as a private area, private road, private open space or private parking or garaging area, and

(ii) is intended for communal use in connection with any Portions shown on a plan submitted to the Council in terms of subsection (2) (b).

straat of openbare plek deur 'n muur minstens 2 m hoog afgeskerm word.

Kitswasserye en Minidroogskoonmakerye

86. In die geval van elke bedryf wat 'n kitswasserye of 'n minidroogskoonmakerye of 'n kombinasie van albei is, opgerig of gevestig op 'n terrein wat heeltemal of gedeeltelik in enige Spesiale of Algemene Sakegebruiksone val, mag die Werklike Vloeroppervlakte van die gedeeltes van sodanige bedryf wat bestaan uit die winkel waar klere in ontvangs geneem of terugbesorg word, die werkwinkel en die ruimte wat vir die berging van klere in beslag geneem word, nie 260 m² oorskry nie.

Roulokale

87. Geen roulokaal mag opgerig word op 'n terrein wat minder as 90 m van 'n kruising van strate waarna in onderafdeling (3) van afdeling 85 verwys word, is nie.

Setbane en Aanry-restaurante

88. (1) In hierdie afdeling—

betekende “setbaan” enige grond of geboue gebruik vir 'n buitenshuise miniatuurgholfbaan; en

betekende “aanry-restaurant” enige grond of geboue gebruik vir 'n restaurant of kafee waaruit voedsel en verversings bedien word aan klante wat in motors bly sit wat in die omgewing van sodanige restaurant of kafee geparkeer word.

(2) Strydige bepalinge in hierdie Skemaregulasies vervat ten spyte, mag geen setbaan of aanry-restaurant gevestig of bedryf word behalwe met die toestemming van die Raad nie.

Supermarkte

89. (1) Waar daar beoog word om 'n nuwe Supermark op te rig of om 'n bestaande perseel in 'n Supermark om te bou, moet bouplanne aan die Raad voorgelê word wat duidelike aanduidings aangaande die uitleg en omvang van die netto kleinhandeloppervlakte van die Supermark omskryf in afdeling 2, verskaf.

(2) Geen persoon mag enige perseel of gedeeltes daarvan in 'n Supermark ombou of die netto kleinhandeloppervlakte van enige bestaande supermark vergroot behalwe met die skriftelike toestemming van die Raad nie.

Groepe Woonhuise

90. (1) In hierdie afdeling—

betekende “aansoeker” die persoon waarna in onderafdeling (2) verwys word;

betekende “gegroepeerde woningsterrein” die terrein van een of meer Groepe Woonhuise tesame met alle Private Gebiede voorsien of wat kragtens hierdie afdeling in verband met sodanige Groep of Groepe Woonhuise voorsien moet word;

het “parkeergebied”, “stallingsgebied” en “vak” dieselfde betekenisse as wat in afdeling 76 (2) aan hulle verleen word;

betekende “gedeelte” 'n erf aangedui op 'n plan wat kragtens onderafdeling 2 (b) aan die Raad voorgelê is, en

betekende “private gebied” 'n erf of Gedeelte wat

(i) op 'n goedgekeurde onderverdelingsplan of op 'n plan voorgelê aan die Raad kragtens onderafdeling (2) (b) aangedui word as 'n private gebied, private pad, private oop ruimte of private parkeer- of stallingsgebied, en

(ii) bedoel is vir gemeenskaplike gebruik in verband met enige Gedeeltes aangedui op 'n plan voorgelê aan die Raad kragtens onderafdeling (2) (b).

(2) Any person intending to erect a Group of Dwelling Houses shall submit to the Council—

(a) building plans drawn in accordance with the National Building Regulations and showing the immediate intended development and the total ultimate intended development of the Grouped Dwellings Site on which such Group of Dwelling Houses is to be erected, and

(b) a plan of subdivision showing the subdivision of such Grouped Dwellings Site into separate erven in accordance with the provisions of this section.

(3) The building plans referred to in subsection 2 (a) shall show—

(a) the nature and colours of all external wall finishes;

(b) the materials and colours of all roof coverings;

(c) the treatment of all proposed footpaths, accessways and other areas around the buildings shown thereon;

(d) the position of all proposed fences, channels, drains and other structures (not being buildings);

(e) all door and window openings; and

(f) the relationship of all proposed common or party walls, external walls, freestanding walls, fences, channels, drains and other structures (not being buildings) to the boundaries of the Grouped Dwelling Site and to the boundaries of the Portions.

(4) Such building plans shall be accompanied by the written authority of the Applicant and the architect or other person who prepared them for their use in accordance with the provisions of subsection (6).

(5) The Council shall have the right to approve such building plans or to disapprove them or to approve them subject to such conditions as it may deem fit provided that the Council shall not approve such building plans—

(a) if they contravene any provision of the Scheme;

(b) until the subdivision of the Grouped Dwellings Site has been duly approved in accordance with the plan of subdivision referred to in subsection (2) (b) and the laws applicable thereto and subject to a condition that all Private Areas shall be owned by the owners of all Portions in undivided shares.

(6) The copy of the approved building plans of the Grouped Dwellings development which is retained by the Council shall be made available for inspection or for making copies by any person requiring to inspect or copy such plans in order to comply with the provisions of subsection (9).

(7) The plan of subdivision referred to in subsection (2) (b) shall—

(a) in addition to any requirements prescribed by any other law in relation to plans for the subdivision of land, show the limits of each proposed Dwelling Unit and of each proposed Outbuilding in relation to the boundaries of each Portion;

(b) show all internal roads and communal parking areas, which shall be designated as "Road".

(8) No Dwelling Unit erected on the Grouped Dwellings Site shall be occupied and no Portion shall be deducted in terms of the approved plan of subdivision thereof until—

(a) the immediate intended development of the Grouped Dwellings Site and of all Private Areas required in connection therewith is sufficiently complete in the opinion of the Council;

(2) Enige persoon wat voornemens is om 'n Groep Woonhuise op te rig, moet aan die Raad voorlê—

(a) bouplanne ontwerp ooreenkomstig die Nasionale Boueregulasies met aanduidings van die onmiddellike beoogde ontwikkeling en die totale finale beoogde ontwikkeling van die Gegroepeerde Woningsterrein waarop sodanige Groep Woonhuise opgerig gaan word, en

(b) 'n onderverdelingsplan met aanduidings van die onderverdeling van sodanige Gegroepeerde Woningsterrein in aparte erwe ooreenkomstig die bepalinge van hierdie afdeling.

(3) Die bouplanne waarna in onderafdeling 2 (a) verwys word, moet die volgende aandui—

(a) die aard en kleure van alle buitemuurafwerkings;

(b) die materiaal en kleure van alle dakbedekkings;

(c) die behandeling van alle voorgestelde sygaardjies, toegangsweë en ander gebiede rondom die geboue wat daarop aangedui word;

(d) die posisie van alle voorgestelde heinings, kanale, riole en ander strukture (nie geboue nie);

(e) alle deur- en vensteropenings; en

(f) die verhouding van alle voorgestelde gemeenskaplike mure, buitemure, vrystaande mure, heinings, kanale, riole en ander strukture (nie geboue nie) tot die grense van die Gegroepeerde Woningsterrein en tot die grense van die Gedeeltes.

(4) Sodanige bouplanne moet vergesel word van die skriftelike magtiging van die Aansoeker en die argitek of 'n ander persoon wat hulle voorberei het vir hul gebruik ooreenkomstig die bepalinge van onderafdeling (6).

(5) Die Raad behou die reg om sodanige bouplanne goed of af te keur of om hul goed te keur onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat die Raad mag goedgevind; met dien verstande dat die Raad sodanige bouplanne nie mag goedkeur—

(a) indien hulle in stryd is met enige bepaling van die Skema nie;

(b) totdat die onderverdeling van die Gegroepeerde Woningsterrein na behore goedgekeur is nie ooreenkomstig die onderverdelingsplan waarna in onderafdeling (2) (b) verwys word en die wette daarop van toepassing en onderworpe aan 'n voorwaarde dat alle Private Gebiede deur die eienaars van alle Gedeeltes in onverdeelde aandele besit word.

(6) Die afskrif van die goedgekeurde bouplanne van die Gegroepeerde Woningontwikkeling wat deur die Raad behou word, moet beskikbaar gestel word vir inspeksie of vir kopiëring deur enige persoon wat sodanige planne moet inspekteer of kopieer ten einde aan die bepalinge van onderafdeling (9) te voldoen.

(7) Die onderverdelingsplan waarna in onderafdeling (2) (b) verwys word, moet—

(a) buiten enige vereistes voorgeskryf deur enige ander wet betreffende planne vir die onderverdeling van grond, die grense van elke voorgestelde Woningseenheid en van elke voorgestelde buitengebou in verhouding tot die grense van elke Gedeelte aandui;

(b) alle binnepaaië en gemeenskaplike parkeergebiede aandui, wat as "Pad" bekend moet staan.

(8) Geen Woningseenheid opgerig op die Gegroepeerde Woningsterrein mag bewoon word nie en geen Gedeelte mag kragtens die goedgekeurde onderverdelingsplan daarvan afgetrek word nie totdat—

(a) die onmiddellike beoogde ontwikkeling van die Gegroepeerde Woningsterrein en van alle Private Gebiede wat in verband daarmee vereis word, na die Raad se mening voldoende voltooi is;

(b) a registered land surveyor has certified that the relationship of the boundaries of the Grouped Dwellings Site and of the Portions to the buildings, walls, fences and other things referred to in subsection (3)(f) is in accordance with the approved building plans, and

(c) all internal roads and communal parking areas and any services located therein serving such Dwelling Unit or Portion have been laid out and constructed to standards prescribed by the Council.

(9) No alteration, external addition or other work, whether or not of a structural nature, shall be carried out on any Grouped Dwellings Site or Portion or to any building or structure thereon except in accordance with what is shown on the approved building plans as depicting the total ultimate development of the Grouped Dwellings Site.

(10) (a) in this subsection unless the context otherwise indicates—

(i) "boundary" means a boundary, not being a street boundary, of a Portion forming or intended to form the site of a Dwelling Unit; and

(ii) two consecutive boundaries which intersect so as to include an angle of 135 degrees or more shall be deemed to constitute a single boundary.

(b) Without prejudice to the generality of the powers conferred by subsection (5), every Grouped Dwellings Site and Portion shall be developed in accordance with the following requirements and the building plans and plan of subdivision therefor shall be drawn accordingly—

(i) The number of Dwelling Units on a Grouped Dwelling Site shall be at the discretion of the Council but shall not exceed 40A, where A is the area of such Grouped Dwellings Site in hectares.

(ii) Not more than one Dwelling Unit and Outbuildings thereto shall be erected on a Portion and no Dwelling Unit shall be erected on a Private Area.

(iii) The provisions of section 54 shall not be applicable to any Portion boundary.

(iv) No Dwelling Unit forming part of a Group of Dwelling Houses shall have more than 3 storeys.

(v) No building on a Grouped Dwellings Site, other than an Outbuilding complying with the provisions of subsections (3) and (4) of section 54, shall be erected so that any point on such building is nearer to any common boundary of such Grouped Dwellings Site than—

(aa) 3 m if such building has one or two storeys, or

(bb) 4,5 m if such building has three storeys.

(vi) A zero building line shall apply to an internal road.

(vii) A Group of Dwelling Houses erected on a site falling into Sub-zone R5 and R6 of a General Residential Use Zone shall, in respect of any boundary (including a street boundary) of the Grouped Dwellings Site on which such Group of Dwelling Houses is erected, comply with the provisions of Chapter VIII, relating to the minimum distances of buildings from the boundaries of a site as if—

(aa) such Group of Dwelling Houses were a Block of Flats erected in such Sub-zone; and

(bb) all Outbuildings thereto were Outbuildings to a Block of Flats so erected.

(b) 'n geregistreerde landmeter gesertifiseer het dat die verhouding van die grense van die Gegroepeerde Woningsterrein en van die Gedeeltes tot die geboue, mure, heinings en ander aspekte waarna in onderafdeling (3)(f) verwys word in ooreenstemming is met die goedgekeurde bouplanne, en

(c) alle binnepaaië en gemeenskaplike parkeergebiede en enige dienste geleë daarin wat sodanige Woon-eenheid of Gedeelte bedien, volgens standaard voorgeskryf deur die Raad uitgelê en gebou is.

(9) Geen verandering, eksterne aanbouing of ander werk, hetsy van 'n strukturele aard of nie, mag uitgevoer word op enige Gegroepeerde Woningsterrein of Gedeelte of aan enige gebou of struktuur daarop nie behalwe ooreenkomstig dit wat op die goedgekeurde bouplanne as die totale finale ontwikkeling van die Gegroepeerde Woningsterrein aangedui word.

(10) (a) In hierdie onderafdeling, tensy die konteks anders aandui—

(i) beteken "grens" 'n grens, wat nie 'n straatgrens is nie, of 'n Gedeelte wat die terrein van 'n Woon-eenheid vorm of beoog om dit te vorm; en

(ii) word twee opeenvolgende grense wat so kruis dat dit 'n hoek van 135 grade of meer insluit, geag om 'n enkelgrens te vorm.

(b) Sonder om af te doen van die algemeenheid van die bevoegdhede wat deur onderafdeling (5) verleen is, moet elke Gegroepeerde Woningsterrein en Gedeelte ontwikkel word ooreenkomstig die volgende vereistes en die bouplanne en onderverdelingsplan daarvoor moet dienoreenkomstig opgestel word—

(i) Die aantal Woon-eenhede op 'n Gegroepeerde Woningsterrein moet na goëddunke van die Raad wees maar mag nie 40A oorskry nie, waar A die gebied van sodanige Gegroepeerde Woningsterrein in hektaar is.

(ii) Nie meer as een Woon-eenheid en Buitegeboue daarvan mag op 'n Gedeelte opgerig word nie en geen Woon-eenheid mag op 'n Private Gebied opgerig word nie.

(iii) Die bepalinge van afdeling 54 is nie van toepassing op die grens van enige Gedeelte nie.

(iv) Geen Woon-eenheid wat deel uitmaak van 'n Groep Woonhuise mag meer as 3 verdiepings hê nie.

(v) Geen gebou op 'n Gegroepeerde Woningsterrein, behalwe 'n buitegebou wat voldoen aan die bepalinge van onderafdeling (3) en (4) van afdeling 54, mag op sodanige wyse opgerig word dat enige punt op sodanige gebou nader aan enige gemeenskaplike grens van sodanige Gegroepeerde Woningsterrein is nie as—

(aa) 3 m indien sodanige gebou een of twee verdiepings het, of

(bb) 4,5 m indien sodanige gebou drie verdiepings het.

(vi) 'n Nulpunt-boulyn is van toepassing op 'n binnepad aangedui as "Pad" op die onderverdelingsplan waarna in onderafdeling (2)(b) verwys word.

(vii) 'n Groep Woonhuise opgerig op 'n terrein binne Subzone R5 en R6 van 'n Algemene Woongebruiksone moet ten opsigte van enige grens (insluitende 'n straatgrens) van die Gegroepeerde Woningsterrein waarop sodanige Groep Woonhuise opgerig is, voldoen aan die bepalinge van Hoofstuk VIII wat betrekking het op die minimum afstande van geboue vanaf die grense van 'n terrein asof—

(aa) sodanige Groep Woonhuise 'n Woonstelblok is, opgerig in sodanige Subzone; en asof

(bb) alle Buitegeboue daarvan Buitegeboue van 'n Woonstelblok is, so opgerig.

(viii) The provisions of sections 31 (3) and 32 shall *mutatis mutandis* apply to every Dwelling Unit as if it were a Dwelling House and every Portion as if it were a site.

(ix) The areas of all parking bays and access areas thereto which are located within a Portion and of any enclosed service yard contemplated by subsection (10)(b)(ix) shall be included in Actual Coverage for the purposes of subsection (10)(b)(vii).

(x) Each Portion forming or intended to form the site of a Dwelling Unit shall include a service yard enclosed by walls not less than 2 m in height.

(xi) Not more than one external television or other aerial shall be erected on a Grouped Dwellings Site and every such aerial shall be so designed as to be capable of serving all Dwelling Units on such Grouped Dwellings Site.

(xii) A garaging or parking area containing at least one bay shall be constructed on each Portion on which a Dwelling Unit is erected. If only one such bay is constructed on any Portion, an additional parking area containing at least one bay for each portion on which only one bay has been provided shall be constructed by the owner of the Grouped Dwellings Site in a position approved by the Council. All garaging and parking areas required by this subparagraph, other than those designated as "Road" on the plan of subdivision referred to in subsection (2)(b), shall comply *mutatis mutandis* with the provisions of sections 79 and 80.

Container Depots

91. (1) In this section—

(h) Op bladsy 3760 moet die woord "va" in die tweede reël van die omskrywing van "Straat" met die woord "van" vervang word in die Afrikaanse weergawe;

(i) On page 3761 the words "street boundary" should not be included in the definition of "street" in the English version;

(j) On page 3761 the words "means a boundary of an erf which forms the street boundary of a street, provided that —" should in the English version read:

"street boundary" means a boundary of an erf which forms the street boundary of a street, provided that —;

(k) On page 3761 in the definition of "street frontage" in the English version the word "include" should read "included";

(l) On page 3762 the word "the" where it occurs for the second time in the first line of the definition of "width" in the English version should be omitted;

(m) On page 3762 the word "Groot" should be omitted from the definition of "Winkel" in the Afrikaans version;

(n) On page 3762 in the definition of "Workshop" in the English version "then" should have read "than".

2. On page 3763 immediately after section 5(2) a bracket should be inserted before the word "Note:" in the English version.

3. On page 3764 in section 8(3) (Afrikaans) the word "gevalle" at the end of the fourth line should read "die geval".

4. On page 3764: section 9 (Afrikaans) should read: "By ontvangs van 'n aansoek om enige toestemming van die Raad vereis in gevolge hierdie Skemeregulasies, sal die Stadsklerk alvorens 'n beslissing ten opsigte van sodanige aansoek geneem word, sodanige stappe doen as wat hy onder die omstandighede redelike mag ag, om die kommentaar van enige persoon wat na sy mening nadelig deur die verlening van sodanige toestemming geraak mag word, te verkry".

5. On page 3764 in section 11(1) (Afrikaans) the words "Algemene Sakegebruik" should be included in the list of Use Zones after "Spesiale Sakegebruik".

6. On page 3765 in section 14(1) (Afrikaans) the word "Groot" before "Restaurant" should be omitted.

7. In section 15(3):

(a) On page 3766 the words "Places of Assembly" should not be included in Column 2 of the "Special Business" Use Zone category but should be included in Column 3 of the same Use Zone category after "Off-Course Totalisator" in the English version;

(b) On page 3766 the words "Plekke van Samekoms" should not be included in Column 2 of the "Spesiale Sakegebruik" Use Zone category but should be included in Column 3 of the same Use Zone category after "Dienststasies" in the Afrikaans version;

(c) On page 3766 the word "Groot" in Column 3 of the "Spesiale Sakegebruik" Use Zone category in the Afrikaans version should be omitted;

(d) On page 3766 the words "Places of Assembly" should not be included in Column 3 of the "General Business" Use Zone category but should be included in column 2 of the same Use Zone after "Restaurants" in the English version;

(e) On page 3766 the words "Places of Assembly" should not be included in Column 3 of the "General Commercial" Use Zone category but should be included in Column 2 of the same Use Zone after "Restaurants" in the English version;

(f) On page 3766 the word "Groot" in Column 2 of the "Algemene Sakegebruik" Use Zone category in the Afrikaans version should be omitted;

(g) On page 3766 the word "Groot" in Column 2 of the "Algemene Handelsgebruik" Use Zone category in the Afrikaans version should be omitted.

(i) Op bladsy 3761 moet die woorde "street boundary" nie by die omskrywing van "street" ingesluit word in die Engelse weergawe nie;

(j) Op bladsy 3761 moet die woorde "means a boundary of an erf which forms the street boundary of a street, provided that —" in die Engelse weergawe soos volg lui:

"street boundary" means a boundary of an erf which forms the street boundary of a street, provided that —;

(k) Op bladsy 3761 moet die woord "include" met die woord "included" vervang word in die omskrywing van "street frontage" in die Engelse weergawe;

(l) Op bladsy 3762 moet die woord "the" wat vir 'n tweede maal in die eerste reël van die omskrywing van "width" voorkom, weggelaat word in die Engelse weergawe;

(m) Op bladsy 3762 moet die woord "Groot" in die omskrywing van "Winkel" weggelaat word in die Afrikaanse weergawe;

(n) Op bladsy 3762 moet die woord "then" met "than" vervang word in die omskrywing van "Workshop" in die Engelse weergawe.

2. Op bladsy 3763 moet 'n hakie voor die woord "Note:" ingevoeg word onmiddellik na afdeling 5(2) in die Engelse weergawe.

3. Op bladsy 3764 moet die woord "gevalle" aan die einde van die vierde reël van afdeling 8(3) met "die geval" vervang word in die Afrikaanse weergawe.

4. Op bladsy 3764 moet afdeling 9 in die Afrikaanse weergawe soos volg lui: "By ontvangs van 'n aansoek om enige toestemming van die Raad vereis ingevolge hierdie Skemeregulasies, sal die Stadsklerk alvorens 'n beslissing ten opsigte van sodanige aansoek geneem word, sodanige stappe doen as wat hy onder die omstandighede redelik mag ag, om die kommentaar van enige persoon wat na sy mening nadelig deur die verlening van sodanige toestemming geraak mag word, te verkry".

5. Op bladsy 3764 moet die woorde "Algemene Sakegebruik" in die lys van Gebruiksone ingevoeg word na "Spesiale Sakegebruik" in afdeling 11(1) in die Afrikaanse weergawe.

6. Op bladsy 3765 moet die woord "Groot" voor "Restaurant" weggelaat word in afdeling 14(1) in die Afrikaanse weergawe.

7. Afdeling 15(3):

(a) Op bladsy 3766 moet die woorde "Places of Assembly" nie by kolom 2 van die Gebruiksonekategorie "Special Business" ingesluit word nie, maar na "Off-course Totalisator" in kolom 3 van dieselfde Gebruiksonekategorie in die Engelse weergawe;

(b) Op bladsy 3766 moet die woorde "Plekke van Samekoms" nie by kolom 2 van die Gebruiksonekategorie "Spesiale Sakegebruik" ingesluit word nie, maar na "Dienststasies" in kolom 3 van dieselfde Gebruiksonekategorie in die Afrikaanse weergawe;

(c) Op bladsy 3766 moet die woord "Groot" in kolom 3 van die Gebruiksonekategorie "Spesiale Sakegebruik" weggelaat word in die Afrikaanse weergawe;

(d) Op bladsy 3766 moet die woorde "Places of Assembly" nie by kolom 3 van die Gebruiksonekategorie "General Business" ingesluit word nie, maar na "Restaurants" in kolom 2 van dieselfde Gebruiksonekategorie in die Engelse weergawe;

(e) Op bladsy 3766 moet die woorde "Places of Assembly" nie by kolom 3 van die Gebruiksonekategorie "General Commercial" ingesluit word nie, maar na "Restaurants" in kolom 2 van dieselfde Gebruiksonekategorie in die Engelse weergawe;

(f) Op bladsy 3766 moet die woord "Groot" in kolom 2 van die Gebruiksonekategorie "Algemene Sakegebruik" weggelaat word in die Afrikaanse weergawe;

(g) Op bladsy 3767 moet die woord "Groot" in kolom 2 van die Gebruiksonekategorie "Algemene Handelsgebruik" weggelaat word in die Afrikaanse weergawe;

(h) On page 3767 the word "Groot" in Column 3 of the "Algemene Nywerheidsgebruik" Use Zone category in the Afrikaans version should be omitted;

8. On page 3767 in section 15(5) (English) the word "buidings" should read "buildings".

9. On page 3769 in section 22(1)(b) (English) in line 2 the word "of" should read "or".

10. On page 3772 (Afrikaans) in section 32 the word "miner" should read "minder".

11. On page 3773 in section 39(5) (Afrikaans) the word "beskou" where it appears for the second time in the last line should be omitted.

12. On page 3775 in section 43(1)(c) (Afrikaans) the word "gebruikk" should read "gebruik".

13. On page 3779 in section 54(2):

(a) the number "6" in the last line of the first paragraph in the Afrikaans version should read "4".

(b) the Tables in the English and Afrikaans version should read respectively:

"Table: Common boundary setbacks for points on Dwelling Houses, Double Dwelling Houses and Outbuildings thereto

Common boundary setback in metres				
Width or depth of site in metres (w)	Ground storey	First storey	and	Second storey
		without OF*		with OF*
1	2	3		4
0-16	0	1		2,5
16-24	$\frac{1}{2}w-3$	$\frac{1}{2}w-3$		$\frac{1}{2}w-1,5$
24+	3	3		6

*OF denotes "overlooking feature" "

"Tabel: Gemeenskaplike Grensinspringings vir punte op Woonhuise, Dubbele Woonhuise en die Buitegeboue daarvan

Gemeenskaplike grensinspringing in meters				
Breedte of diepte van terrein in meters (w)	Grond verdieping	Eerste verdieping	en	Tweede verdieping
		sonder UG*		met UG*
1	2	3		4
0-16	0	1		2,5
16-24	$\frac{1}{2}w-3$	$\frac{1}{2}w-3$		$\frac{1}{2}w-1,5$
24+	3	3		6

*UG beteken "uitkyk-gedeelte" "

14. On page 3783 in section 60(4):

(a) the Table headed "Table III (subsection (3))" in the English and Afrikaans versions should read respectively:

"TABLE III: (subsection (3))
General Business and General Commercial Use Zones: Setbacks for points on Main Buildings and Outbuildings thereto from street boundary

(h) Op bladsy 3767 moet die woord "Groot" in kolom 3 van die Gebruiksonekategorie "Algemene Nywerheidsgebruik" weggelaat word in die Afrikaanse weergawe.

8. Op bladsy 3767 moet die woord "buidings" in afdeling 15(5) in die Engelse weergawe met "buildings" vervang word.

9. Op bladsy 3769 moet die woord "of" in reël 2 van afdeling 22(1)(b) in die Engelse weergawe met "or" vervang word.

10. Op bladsy 3772 moet die woord "miner" in afdeling 32 in die Afrikaanse weergawe met "minder" vervang word.

11. Op bladsy 3773 moet die woord "beskou" waar dit die tweede maal in die laaste reël van afdeling 39(5) in die Afrikaanse weergawe voorkom, weggelaat word.

12. Op bladsy 3775 moet die woord "gebruikk" in afdeling 43(1)(c) in die Afrikaanse weergawe met "gebruik" vervang word.

13. Op bladsy 3779 in afdeling 54(2):

(a) Die nommer "6" in die laaste reël van die eerste paragraaf in die Afrikaanse weergawe moet "4" wees.

(b) Die tabelle in die Engelse en die Afrikaanse weergawe moet onderskeidelik soos volg lui:

"Table: Common boundary setbacks for points on Dwelling Houses, Double Dwelling Houses and Outbuildings thereto

Common boundary setback in metres				
Width or depth of site in metres (w)	Ground storey	First storey	and	Second storey
		without OF*		with OF*
1	2	3		4
0-16	0	1		2,5
16-24	$\frac{1}{2}w-3$	$\frac{1}{2}w-3$		$\frac{1}{2}w-1,5$
24+	3	3		6

*OF denotes "overlooking feature" "

"Tabel: Gemeenskaplike Grensinspringings vir punte op Woonhuise, Dubbele Woonhuise en die Buitegeboue daarvan

Gemeenskaplike grensinspringing in meters				
Breedte of diepte van terrein in meters (w)	Grond verdieping	Eerste verdieping	en	Tweede verdieping
		sonder UG*		met UG*
1	2	3		4
0-16	0	1		2,5
16-24	$\frac{1}{2}w-3$	$\frac{1}{2}w-3$		$\frac{1}{2}w-1,5$
24+	3	3		6

*UG beteken "uitkyk-gedeelte" "

14. Op bladsy 3783 in afdeling 60(4):

(a) Die tabel met die opskrif "Table III (subsection (3))" moet in die Engelse en die Afrikaanse weergawe onderskeidelik soos volg lui:

"TABLE III: (subsection (3))
General Business and General Commercial Use Zones: Setbacks for points on Main Buildings and Outbuildings thereto from street boundary

Setback of point from street boundary			
Subzone	Ground storey	1st and 2nd storeys	Other storeys
1	2	3	4
B1, C1	0 m	4,5 m	0,6 h
B2, C2 B3, C3	0 m	0 m	4,5 m
B4, C4 B5, C5 B6, C6	0 m 0 m 0 m	0 m 0 m 0 m	0 m See section 67 See section 100

"TABEL III: (onderafdeling (3))

Algemene Sake- en Algemene Handelsgebruiksone: Inspringings vir punte op Hoofgeboue en Buitegeboue daarvan vanaf straatgrens

Setback of point from street boundary			
Subzone	Ground storey	1st and 2nd storeys	Other storeys
1	2	3	4
B1, C1	0 m	4,5 m	0,6 h
B2, C2 B3, C3	0 m	0 m	4,5 m
B4, C4 B5, C5 B6, C6	0 m 0 m 0 m	0 m 0 m 0 m	0 m See section 67 See section 100

"TABEL III: (onderafdeling (3))

Algemene Sake- en Algemene Handelsgebruiksone: Inspringings vir punte op Hoofgeboue en Buitegeboue daarvan vanaf straatgrens

Inspringing van punte vanaf straatgrens			
Subsone	Grond verdieping	1ste en 2de verdiepings	Ander verdiepings
1	2	3	4
B1, C1	0 m	4,5 m	0,6 h
B2, C2 B3, C3	0 m	0 m	4,5 m
B4, C4 B5, C5 B6, C6	0 m 0 m 0 m	0 m 0 m 0 m	0 m Sien afdeling 67 Sien afdeling 100

(b) the table headed "Table IV (subsection (3))" in the English and Afrikaans versions should read respectively:

"TABLE IV: (subsection (3))

General Business and General Commercial Use Zones: Required setbacks for points on Main Buildings and Outbuildings thereto from common boundary

Setback of point from common boundary						
Subzone	Up to 16 m from street boundary or Building Line		Over 16 m from street boundary or Building Line			
	Ground, 1st and 2nd storeys	Other storeys	Ground storey	1st storey	2nd storey	Other storeys
1	2	3	4	5	6	7
B1, C1	0 m	0,6 h	0 m	4,5 m	4,5 m	0,6 h
B2, C2 B3, C3	0 m	4,5 m	0 m	0 m	4,5 m	0,6 h
B4, C4 B5, C5 B6, C6			0 m 0 m			

"TABEL IV: (onderafdeling (3))

Algemene Sake- en Algemene Handelsgebruiksone: Vereiste Inspringings vir punte op Hoofgeboue en Buitegeboue daarvan vanaf Gemeenskaplike Grens

Inspringing van punte vanaf straatgrens			
Subsone	Grond verdieping	1ste en 2de verdiepings	Ander verdiepings
1	2	3	4
B1, C1	0 m	4,5 m	0,6 h
B2, C2 B3, C3	0 m	0 m	4,5 m
B4, C4 B5, C5 B6, C6	0 m 0 m 0 m	0 m 0 m 0 m	0 m Sien afdeling 67 Sien afdeling 100

(b) Die tabel met die opskrif "Table IV (subsection (3))" in die Engelse en die Afrikaanse weergawe moet onderskeidelik soos volg lui:

"TABLE IV: (subsection (3))

General Business and General Commercial Use Zones: Required setbacks for points on Main Buildings and Outbuildings thereto from common boundary

Setback of point from common boundary						
Subzone	Up to 16 m from street boundary or Building Line		Over 16 m from street boundary or Building Line			
	Ground, 1st and 2nd storeys	Other storeys	Ground storey	1st storey	2nd storey	Other storeys
1	2	3	4	5	6	7
B1, C1	0 m	0,6 h	0 m	4,5 m	4,5 m	0,6 h
B2, C2 B3, C3	0 m	4,5 m	0 m	0 m	4,5 m	0,6 h
B4, C4 B5, C5 B6, C6			0 m 0 m			

"TABEL IV: (onderafdeling (3))

Algemene Sake- en Algemene Handelsgebruiksone: Vereiste Inspringings vir punte op Hoofgeboue en Buitegeboue daarvan vanaf Gemeenskaplike Grens

Insprying van punt vanaf straatgrens of boulyn						
Subzone	Tot 16 m vanaf straatgrens of Boulyn		Oor 16 m van straatgrens of Boulyn			
	Grond, 1ste en 2de verdiepings	Ander verdiepings	Grond verdieping	1ste verdieping	2de verdieping	Ander verdiepings
1	2	3	4	5	6	7
B1, C1	0 m	0,6 h	0 m	4,5 m	4,5 m	0,6 h
B2, C2 B3, C3	0 m	4,5 m	0 m	0 m	4,5 m	0,6 h
B4, C4 B5, C5			0 m			
B6, C6			0 m			

15. In section 60(5)(c)(i) (Afrikaans) on page 3783 the words "'n of H" in the second line should read "'n h of H".

16. In section 60(5)(e) (Afrikaans) on page 3784 the word "dar" should read "daar".

17. In section 66(1) (Afrikaans) on page 3785 the word "Subzone" should read "Subsone".

18. In section 66(2) (Afrikaans) on page 3786 the word "Hofstuk" should read "Hoofstuk".

19. In section 68(1) (English) on page 3787 the words "4,5 m or 3 m + ½H" under column 2 of the table should read "4,5 m or 3 m + ¼H".

20. In section 69 (English) on page 3787 the word "of" which appears between the word "zone" and "Sub-zone" in the third line should read "or".

21. In section 73 (English) on page 3789 the word "leval" where it occurs in third line of the proviso to the definition of "level of footway" should read "level".

22. In the provision (d) to section 73(3) on page 3790:

(a) in the English version the words "Subject to" should read "subject to";

(b) in the Afrikaans version the word "voraftgaande" should read "vooraftgaande";

(c) in the Afrikaans version the word "sypaddjie" should read "sypaadjie".

23. In section 74(2) on page 3790 the number "(1)" where it occurs after "nie as 'n straat geag nie" in the Afrikaans version should be omitted.

24. In section 75(1) (Afrikaans) on page 3790 the word "nie" should be included after the words "Geen gebou mag op 'n terrein opgerig word".

25. In section 75(4)(b) (Afrikaans) on page 3791 the word "in" should read "n".

In section 75(5) (Afrikaans) on page 3791 the word "Skedule B6" should read "Skedule 6".

26. In section 77(2)(d) (English) on page 3794 the phrase "garaging areas or wholly or parking areas", should read "garaging areas or wholly of parking areas".

Insprying van punt vanaf straatgrens of boulyn						
Subzone	Tot 16 m vanaf straatgrens of Boulyn		Oor 16 m van straatgrens of Boulyn			
	Grond, 1ste en 2de verdiepings	Ander verdiepings	Grond verdieping	1ste verdieping	2de verdieping	Ander verdiepings
1	2	3	4	5	6	7
B1, C1	0 m	0,6 h	0 m	4,5 m	4,5 m	0,6 h
B2, C2 B3, C3	0 m	4,5 m	0 m	0 m	4,5 m	0,6 h
B4, C4 B5, C5			0 m			
B6, C6			0 m			

15. Op bladsy 3783 moet die woorde "'n of H" in die tweede reël van afdeling 60(5)(c)(i) in die Afrikaanse weergawe met "'n h of H" vervang word.

16. Op bladsy 3784 moet die woord "dar" in afdeling 60(5)(e) in die Afrikaanse weergawe met "daar" vervang word.

17. Op bladsy 3785 moet die woord "Subzone" in afdeling 66(1) in die Afrikaanse weergawe met "Subsone" vervang word.

18. Op bladsy 3786 moet die woord "Hofstuk" in afdeling 66(2) in die Afrikaanse weergawe met "Hoofstuk" vervang word.

19. Op bladsy 3787 moet die woorde "4,5 m or 3 m + ½H" in afdeling 68(1) in kolom 2 van die tabel in die Engelse weergawe met "4,5 m or 3 m + ¼H" vervang word.

20. Op bladsy 3787 moet die woord "of" wat tussen die woorde "zone" en "Sub-zone" voorkom in afdeling 69 in die Engelse weergawe, met "or" vervang word.

21. Op bladsy 3789 moet die woord "leval" waar dit in die derde reël van die voorbehoud van die omskrywing van "level of footway" in afdeling 73 in die Engelse weergawe voorkom, met "level" vervang word.

22. Op bladsy 3790 in bepaling (d) van afdeling 73(3):

(a) Moet die woorde "Subject to" in die Engelse weergawe met "subject to" vervang word;

(b) Moet die woord "voraftgaande" in die Afrikaanse weergawe met "vooraftgaande" vervang word;

(c) Moet die woord "sypaddjie" in die Afrikaanse weergawe met "sypaadjie" vervang word.

23. Op bladsy 3790 moet die nommer "(1)" waar dit na "nie as 'n straat geag nie" in afdeling 74(2) in die Afrikaanse weergawe voorkom, weggelaat word.

24. Op bladsy 3790 moet die woord "nie" in afdeling 75(1) ingevoeg word na die woorde "Geen gebou mag op 'n terrein opgerig word" in die Afrikaanse weergawe.

25. Op bladsy 3791 moet die woord "in" in afdeling 75(4)(b) in die Afrikaanse weergawe met "n" vervang word.

Op bladsy 3791 moet die woord "Skedule B6" in afdeling 75(5) in die Afrikaanse weergawe met "Skedule 6" vervang word.

26. Op bladsy 3794 moet die frase "garaging areas or wholly or parking areas" in afdeling 77(2)(d) in die Engelse weergawe met "garaging areas or wholly of parking areas" vervang word.

27. In section 90(10)(b)(vi) (English) on page 3802 the words "designated as "Road" on the plan of subdivision referred to in subsection (2)(b)" should be included after the words "A zero building line shall apply to an internal road".

28. In line 3 of section 90(10)(b)(ix) (English and Afrikaans) on page 3803 the numbers "(10)(b)(ix)" should read "(10)(b)(x)".

29. In section 91(3) (English) on page 3803 the words "vehicles travelling to and from such site" should be included after the words "routes to be employed by such".

30. In section 92 (Afrikaans) on page 3804 the words "Gebiede van Spesiale Argitektoniese, Estetiese of Geskiedkundige Betekenis" should read "Stedelike Bewaringsgebied".

31. In section 98(1) (English) on page 3805 the word "with" in the first line should read "within".

32. In section 100(10) on page 3807:

(a) the words "paragraph S9/4" where they occur in the English and Afrikaans versions should read "paragraph S9/3" and

(b) the words "van 'n gedeelte" in the eighth line of the Afrikaans version should be omitted.

33. In section 100(18)(b) on page 3809 the number "TPY 773" should read "TPX 773" in both the English and Afrikaans versions.

34. In section 103(2)(g)(iii) (Afrikaans) on page 3811 the words "die minder nie" should read "nie minder nie".

35. In section 107(1) (Afrikaans) on page 3811 the number "TPZ.7976" should read "TPZ.7676/1".

36. In section 107 (6)(c) on page 3813 the word "seven" in the English version should read "eight" and the word "sewe" in the Afrikaans version should read "agt".

37. In section 108 (Afrikaans) on page 3813 the heading "Gebiede van Spesiale Argitektoniese, Estetiese of Geskiedkundige Betekenis" should read "Stedelike Bewaringsgebiede".

27. Op bladsy 3802 moet die woorde "designated as "Road" on the plan of subdivision referred to in subsection 2(b)" in afdeling 90(10)(b)(vi) in die Engelse weergawe ingevoeg word na die woorde "A zero building line shall apply to an internal road".

28. Op bladsy 3803 moet die nommers "(10)(b)(ix)" in die derde reël van afdeling 90(10)(b)(ix) in die Engelse en Afrikaanse weergawe vervang word met "(10)(b)(x)".

29. Op bladsy 3803 moet die woorde "vehicles travelling to and from such site" in afdeling 91(3) in die Engelse weergawe ingevoeg word na die woorde "routes to be employed by such".

30. Op bladsy 3804 moet die woorde "Gebiede van Spesiale Argitektoniese, Estetiese of Geskiedkundige Betekenis" in afdeling 92 in die Afrikaanse weergawe vervang word met "Stedelike Bewaringsgebiede".

31. Op bladsy 3805 moet die woord "with" in die eerste reël van afdeling 98(1) in die Engelse weergawe vervang word met "within".

32. Op bladsy 3807 in afdeling 100(10):

(a) Moet die woorde "paragraaf S9/4" waar dit in die Engelse en Afrikaanse weergawe voorkom, met "paragraaf S9/3" vervang word;

(b) Moet die woorde "van 'n gedeelte" in die agste reël van die Afrikaanse weergawe weggelaat word.

33. Op bladsy 3809 moet die nommer "TPY 773" in afdeling 100(18)(b) in die Engelse en die Afrikaanse weergawe met "TPX 773" vervang word.

34. Op bladsy 3811 moet die woorde "die minder nie" in afdeling 103(2)(g)(iii) in die Afrikaanse weergawe met "nie minder nie" vervang word.

35. Op bladsy 3811 moet die nommer "TPZ.7976" in afdeling 107(1) in die Afrikaanse weergawe met "TPZ.7676/1" vervang word.

36. Op bladsy 3813 moet die woord "seven" in afdeling 107(6)(c) in die Engelse weergawe met "eight" vervang word en in die Afrikaanse weergawe moet "sewe" met "agt" vervang word.

37. Op bladsy 3813 moet die opskrif "Gebiede van Spesiale Argitektoniese, Estetiese of Geskiedkundige Betekenis" in afdeling 108 in die Afrikaanse weergawe met "Stedelike Bewaringsgebiede" vervang word.

P.N. 170/1991

1 March 1991

MONTAGU MUNICIPALITY: REPEAL OF BY-LAW

In terms of section 12 of the Provincial Library Service Ordinance, 1981 (Ordinance 16 of 1981), read with section 190 of the Municipal Ordinance, 1974 (Ordinance 20 of 1974), the Administrator has approved the repeal of the Standard Library By-law, published under Provincial Notice 260 dated 21 March 1969, as amended, in so far as it applies to the Montagu Municipality by virtue of its adoption by the Council of such Municipality and promulgation under Provincial Notice 822 dated 31 October 1969.

P.N. 169/1991

1 March 1991

MONTAGU MUNICIPALITY: STANDARD LIBRARY BY-LAW

In terms of section 12 of the Provincial Library Service Ordinance, 1981 (Ordinance 16 of 1981), read with section 190 of the Municipal Ordinance, 1974 (Ordinance 20 of 1974), the Administrator has approved the adoption by the Municipal Council of Montagu of the Standard Library By-law, published under Provincial Notice 640 dated 12 October 1990, as a by-law for the Montagu Municipality.

P.K. 170/1991

1 Maart 1991

MUNISIPALITEIT MONTAGU: HERROEPING VAN VERORDENING

Kragtens artikel 12 van die Ordonnansie op die Provinsiale Biblioteekdiens, 1981 (Ordonnansie 16 van 1981), saamgelees met artikel 190 van die Munisipale Ordonnansie, 1974 (Ordonnansie 20 van 1974), het die Administrateur dit goedgekeur dat die Standaardbiblioteekverordening, gepubliseer by Provinsiale Kennisgewing 260 van 21 Maart 1969, soos gewysig, vir sover dit op die Munisipaliteit Montagu van toepassing is ingevolge die aanname daarvan deur die raad van sodanige Munisipaliteit en afkondiging by Provinsiale Kennisgewing 822 van 31 Oktober 1969, herroep word.

P.K. 169/1991

1 Maart 1991

MUNISIPALITEIT MONTAGU: STANDAARDBIBLIOTEEKVERORDENING

Kragtens artikel 12 van die Ordonnansie op die Provinsiale Biblioteekdiens, 1981 (Ordonnansie 16 van 1981), saamgelees met artikel 190 van die Munisipale Ordonnansie, 1974 (Ordonnansie 20 van 1974), het die Administrateur dit goedgekeur dat die Munisipale Raad van Montagu die Standaarbiblioteekverordening, gepubliseer by Provinsiale Kennisgewing 640 van 12 Oktober 1990, as 'n verordening vir die Munisipaliteit Montagu aanneem.

PROVINCIAL NOTICES

The following Provincial Notice is published for general information.

J. H. A. BEUKES,
DIRECTOR-GENERAL

Provincial Building,
Wale Street,
Cape Town.

P.N. 80/1992

14 February 1992

DE RUST MUNICIPALITY:**GENERAL VALUATION 1992****TIME OF VALUATION**

In terms of section 2 of the Valuation Ordinance, 1944 (Ordinance No 26 of 1944) as amended, I hereby prescribe the date 1 January 1992 as the "time of valuation" in respect of the general valuation of the municipal area of De Rust.

Provincial Notice 36/1991 dated 25 January 1991 in which the "time of valuation" was published 1 January 1991 is hereby amended.

J. L. PRETORIUS, Director: Valuations

P.N. 81/1992

14 February 1992

ROBERTSON MUNICIPALITY:**GENERAL VALUATION 1987****DATE OF COMING INTO OPERATION**

In terms of section 73(1) of the Valuation Ordinance, 1944 (as amended), I hereby determine that the valuation roll in respect of the above-mentioned valuation shall come into operation on 1 July 1992.

J. L. PRETORIUS, Director: Valuations

P.N. 82/1992

14 February 1992

KEIMOES MUNICIPALITY:**GENERAL VALUATION 1988****DATE OF COMING INTO OPERATION**

In terms of section 73(1) of the Valuation Ordinance, 1944 (as amended), I hereby determine that the valuation roll in respect of the above-mentioned valuation shall come into operation on 1 July 1992.

J. L. PRETORIUS, Director: Valuations

P.N. 83/1992

14 February 1992

CAPE TOWN MUNICIPALITY:**ZONING SCHEME****AMENDMENT OF SCHEME REGULATIONS**

In terms of section 9(2) of the Land Use Planning Ordinance, 1985 (Ordinance No. 15 of 1985) the Administrator hereby amends section 79 of the Scheme Regulations of the Zoning Scheme of the Municipality of the City of Cape Town by the insertion of the following subsection:

"(3) For any site located within the Central City Area (as depicted in Plan TPY.5329/1) no parking, garaging or loading areas shall be permitted at street level in any building within 10 metres from the street boundary."

PROVINSIALE KENNISGEWINGS

Die volgende Provinsiale Kennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

J. H. A. BEUKES,
DIREKTEUR-GENERAAL

Provinsiale-gebou,
Waalstraat,
Kaapstad.

P.K. 80/1992

14 Februarie 1992

MUNISIPALITEIT DE RUST:**ALGEMENE SKATTING 1992****TYD VAN SKATTING**

Kragtens artikel 2 van die Skattingsordonnansie, 1944 (Ordonnansie Nr 26 van 1944) soos gewysig, skryf ek hierby die datum 1 Januarie 1992 voor as "tyd van skatting" ten opsigte van die algemene skatting van die munisipale gebied van De Rust.

Provinsiale Kennisgewing 36/1991 van 25 Januarie 1991 waarby die "tyd van skatting" as 1 Januarie 1991 aangedui word, word hierby gewysig.

J. L. PRETORIUS, Direkteur: Skattings

P.K. 81/1992

14 Februarie 1992

MUNISIPALITEIT ROBERTSON:**ALGEMENE SKATTING 1987****DATUM VAN INWERKINGSTELLING**

Ingevolge artikel 73(1) van die Skattingsordonnansie, 1944 (soos gewysig), bepaal ek hierby dat die skattingslys ten opsigte van die bogemelde skatting op 1 Julie 1992 in werking tree.

J. L. PRETORIUS, Direkteur: Skattings

P.K. 82/1992

14 Februarie 1992

MUNISIPALITEIT KEIMOES:**ALGEMENE SKATTING 1988****DATUM VAN INWERKINGSTELLING**

Ingevolge artikel 73(1) van die Skattingsordonnansie, 1944 (soos gewysig), bepaal ek hierby dat die skattingslys ten opsigte van die bogemelde skatting op 1 Julie 1992 in werking tree.

J. L. PRETORIUS, Direkteur: Skattings

P.K. 83/1992

14 Februarie 1992

MUNISIPALITEIT KAAPSTAD:**SONERINGSKEMA****WYSIGING VAN SKEMAREGULASIES**

Ingevolge artikel 9(2) van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985 (Ordonnansie Nr. 15 van 1985), wysig die Administrateur hiermee afdeling 79 van die Skemaregulasies van die Soneringskema van die Munisipaliteit van die Stad Kaapstad deur die invoeging van die volgende onderafdeling:

"(3) Vir enige terrein wat binne die Sentrale Stadsgebied geleë is (soos aangedui op Plan TPY.5329/1), word geen parkeer-, stallings- of laaigebiede op straatvlak in enige gebou toegelaat binne 10 meter van die straatgrens nie."

MINISTERIAL NOTICES

M.N. 71/1992

28 February 1992

ADMINISTRATION: HOUSE OF ASSEMBLY

DEPARTMENT OF LOCAL GOVERNMENT,
HOUSING AND WORKS

PORT ELIZABETH MUNICIPALITY:

REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1967:
ERF 561, SUNRIDGE PARK, PORT ELIZABETH

Notice is hereby given in terms of the provisions of section 2(1) of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967), that the Minister of Local Government: House of Assembly, has approved the removal of conditions B.6 (a) and (b) in Certificate of Registered Title No 12142 of 1973.

M.N. 72/1992

28 February 1992

ADMINISTRATION: HOUSE OF ASSEMBLY

DEPARTMENT OF LOCAL GOVERNMENT,
HOUSING AND WORKS

WESTERN CAPE REGIONAL SERVICES COUNCIL:

REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1967:
ERF 2730, CONSTANTIA

I, Jacobus Theron Albertyn, Ministerial Representative for the South-Western Cape of the House of Assembly, acting on behalf of the Minister of Local Government: House of Assembly, in terms of section 28(2) of the Republic of South Africa Constitution Act, 1983 (Act 110 of 1983), hereby remove conditions D.3.(a) and (b) in Deed of Transfer T.36078 of 1990 in terms of the provisions of section 2(1) of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967, as amended). (SER 537)

Given under my hand at Cape Town this 9th day of December 1991.

J. T. ALBERTYN, MINISTERIAL REPRESENTATIVE OF THE
HOUSE OF ASSEMBLY

PROVINCIAL NOTICES

The following Provincial Notice is published for general information.

J. H. A. BEUKES,
DIRECTOR-GENERAL

Provincial Building,
Wale Street,
Cape Town.

P.N. 117/1992

28 February 1992

CAPE TOWN MUNICIPALITY:

ZONING SCHEME

AMENDMENT OF SCHEME REGULATIONS

In terms of section 9(2) of the Land Use Planning Ordinance, 1985 (Ordinance No 15 of 1985), the Administrator hereby amends the Table set out under section 108 of the Scheme Regulations of the Zoning Scheme of the Municipality of Cape Town by:

1. the insertion of "Upper-Table Valley Areas" after "Wynberg Village" in column 1; and
2. the insertion of "TPZ 10169/1" after "TPZ 8581/1" in column 2.

MINISTERIËLE KENNISGEWINGS

M.K. 71/1992

28 Februarie 1992

ADMINISTRASIE: VOLKSRAAD

DEPARTEMENT VAN PLAASLIKE BESTUUR,
BEHUISING EN WERKE

MUNISIPALITEIT PORT ELIZABETH:

WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1967:
ERF 561, SUNRIDGEPARK, PORT ELIZABETH

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 2(1) van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet 84 van 1967), bekendgemaak dat die Minister van Plaaslike Bestuur: Volksraad, die opheffing van voorwaardes B.6 (a) en (b) in Sertifikaat van Geregistreerde Titel Nr 12142 van 1973, goedgekeur het.

M.K. 72/1992

28 Februarie 1992

ADMINISTRASIE: VOLKSRAAD

DEPARTEMENT VAN PLAASLIKE BESTUUR,
BEHUISING EN WERKE

WES-KAAPSE STREEKSDIENSTERAAD:

WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1967:
ERF 2730, CONSTANTIA

Ek, Jacobus Theron Albertyn, Ministeriële Verteenwoordiger vir Suidwes-Kaap van die Volksraad, handelende namens die Minister van Plaaslike Bestuur: Volksraad, kragtens artikel 28(2) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1983 (Wet 110 van 1983), hef hierby voorwaardes D.3.(a) en (b) in Transportakte T.36078 van 1990 op ooreenkomstig die bepalings van artikel 2(1) van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet 84 van 1967, soos gewysig). (SER 537)

Gegee onder my hand te Kaapstad op hede die 9de dag van Desember 1991.

J. T. ALBERTYN, MINISTERIËLE VERTEENWOORDIGER
VAN DIE VOLKSRAAD

PROVINSIALE KENNISGEWINGS

Die volgende Provinsiale Kennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

J. H. A. BEUKES,
DIREKTEUR-GENERAAL

Provinsiale-gebou,
Waalstraat,
Kaapstad.

P.K. 117/1992

28 Februarie 1992

MUNISIPALITEIT KAAPSTAD:

SONERINGSKEMA

WYSIGING VAN SKEMAREGULASIES

Ingevolge artikel 9(2) van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985 (Ordonnansie Nr 15 van 1985), wysig die Administrateur hiermee die Tabel wat onder afdeling 108 van die Skemaregulasies van die Soneringskema van die Munisipaliteit van Kaapstad uiteengesit word deur:

1. die invoeging van "Bo-Tafelvalleigebiede" na "Wynberg Village" in kolom 1; en
2. die invoeging van "TPZ 10169/1" na "TPZ 8581/1" in kolom 2.

(ii) for the second or subsequent contravention, to a fine not exceeding R1 000 or to imprisonment for a period not exceeding six months or to both such fine and such imprisonment.

Delegation of powers

39. The Administrator, health officer, regional director or manager may delegate any or all powers, functions or duties under this by-law to an officer or employee of the State or of a local authority.

SCHEDULE A

AREA DEFINED

The remainder of Erf 5216, Division of East London, situated in the area of jurisdiction of the Amatola Regional Services Council.

SCHEDULE B

Site and Service Fees in terms of the provisions of section 17.

Site fees:

The monthly site fee which is payable in terms of section 17 shall still be determined.

Service charges:

Provision of water (unmetered): R15 per registered occupant or occupant per month.

P.N. 191/1992

3 April 1992

CAPE TOWN MUNICIPALITY:

ZONING SCHEME AMENDMENT OF SCHEME REGULATIONS

In terms of section 9(2) of the Land Use Planning Ordinance, 1985 (Ordinance No 15 of 1985) the Administrator of the Cape of Good Hope hereby amends the Scheme Regulations of the Zoning Scheme of the Municipality of the City of Cape Town as follows:

1. By the insertion of the words "112 Clifton Bungalow Area" in Chapter XII: Special Areas of the Table of Contents after the words "111 Miscellaneous Properties";
2. By the insertion of the words "Clifton Bungalow Area" in section 92 after the words "Miscellaneous Properties";
3. By the insertion of the following regulations after section 111 regulating "Miscellaneous Properties";

"Clifton Bungalow Area 112

(1) In this section —

"boundary vegetation" means any vegetation growing on or within 2 m of any site boundary;

"certificate" for the purpose of subsection (13) means a written statement signed by or on behalf of the Municipality's City Engineer wherein any boundary vegetation or tree damaged, tampered with or removed and the cost of replacing same is set out;

"Clifton Bungalow Area" means the area depicted on Plan TPZ 11167;

"corrugated" means formed with alternating ridges and troughs so that —

- (a) the vertical distance between the uppermost points on the ridges and the lowest points on the troughs does not exceed 40 mm; and
- (b) the horizontal distances measured between the central axes of the troughs or ridges does not exceed 95 mm;

(ii) vir 'n tweede of verdere oortreding, met 'n boete van hoogstens R1 000 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande of met sodanige boete sowel as sodanige gevangenisstraf.

Delegasie van bevoegdhede

39. Die Administrateur, mediese beampte, streekdirekteur of bestuurder kan enige van of al die bevoegdhede, werksaamhede of pligte ingevolge hierdie verordening aan 'n beampte of werknemer van die Staat of van 'n plaaslike owerheid deleger.

BYLAE A

GEBIED OMSKRYF

Die restant van Erf 5216, Afdeling Oos-Londen, geleë in die regsgebied van die Amatola-streëksdiensteraad.

BYLAE B

Perseel- en Dienstegelde kragtens die bepalings van artikel 17.

Perseelfoet:

Die maandelikse perseelfoet wat betaalbaar is kragtens artikel 17 sal nog bepaal word.

Dienstegelde:

Watervoorsiening (ongemeter): R15 per geregistreerde bewoner of okkupeerder per maand.

P.K. 191/1992

3 April 1992

MUNISIPALITEIT KAAPSTAD:

SONERINGSKEMA WYSIGING VAN SKEMAREGULASIES

Ingevolge artikel 9(2) van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985 (Ordonnansie Nr 15 van 1985), wysig die Administrateur van die Kaap die Goeie Hoop hiermee die Skemaregulasies van die Soneringskema van die Munisipaliteit van die Stad Kaapstad soos volg:

1. Deur die invoeging van die woorde "112 Clifton-bungalowgebied" in Hoofstuk XII: Spesiale Gebiede in die Inhoudsopgawe na die woorde "111 Diverse Eiendomme";
2. Deur die invoeging van die woorde "Clifton-bungalowgebied" in afdeling 92 na die woorde "Diverse Eiendomme";
3. Deur die invoeging van die volgende regulasies na afdeling 111 wat "Diverse Eiendomme" bepaal:

"Clifton-bungalowgebied 112

(1) In hierdie afdeling beteken —

"grensplantegroei" enige plantegroei wat op of binne 2 m van enige terreingrens groei;

"sertifikaat" vir die doeleindes van onderafdeling (13) 'n geskrewe verklaring geteken deur of namens die Stadsingenieur van die Munisipaliteit waarin enige grensplantegroei of boom wat beskadig is, waaraan gepeuter is of wat verwyder is en die koste om genoemde te vervang, uiteengesit word;

"Clifton-bungalowgebied" die gebied wat op Plan TPZ 11167 aangedui word;

"gegolf" gevorm met afwisselende riewe en trôe sodat —

- (a) die vertikale afstand tussen die hoogste punte van die riewe en die laagste punte van die trôe nie 40 mm oorskry nie; en
- (b) die horisontale afstande gemeet tussen die sentrale asse van die trôe of riewe nie 95 mm oorskry nie;

"drying yards" means any enclosed unroofed area not greater than 20 m²; "lapped" means composed of horizontally overlapping strips of a width not exceeding 150 mm; "maximum development envelope" means the parameters of the three dimensional diagram depicted on plans numbered TPZ 11246/1 to TPZ 11246/103 inclusive but shall exclude any encroachment as noted on such plan; "pickets" means composed of parallel vertical strips of a width not exceeding 100 mm with a maximum spacing of 75 mm; "sign" means any sign depicting a name, number or any information whatever; "slatted" means composed of parallel vertical strips of a width not exceeding 150 mm; "tree" means any tree, as depicted on Plans TPZ 11247 and TPZ 11247/1; "vegetation" without limiting its ordinary meaning includes any hedge or shrub. (2) The provisions of this section are special provisions which shall apply to the whole of the Clifton Bungalow Area. (3) No point on any structure erected or to be erected on any site shall project or extend beyond the maximum development envelope. (4) All exterior walls of any buildings to be erected on any site shall have the finished appearance of lapped or slatted timber or be corrugated. (5) All roof finishes shall be corrugated except where the Council consents to a slate finish. The minimum pitch of such roof shall be 15° except where this is prevented by the limits of the maximum development envelope. (6) Any freestanding fence shall — (a) be slatted or of pickets; and (b) shall not exceed 1,25 m in height other than in the case of the enclosure of a drying yard which may be erected to a height not exceeding 2,1 m. (7) Any freestanding wall shall — (a) be plastered colour painted masonry; and (b) shall not exceed 1,25 m in height. (8) No drying yard shall be closer than 3 m from any boundary separating a site from any public passage or public open space or street. (9) No exterior earth-retaining wall shall exceed 1,25 m in height. (10) No roof lights, non-masonry chimneys, solar water heaters, satellite signals receiving dishes or any other features shall be located in, on or above the roof of any building or anywhere else on any site except with the consent of the Council. (11) No sign shall be displayed on a site without the prior written consent of the Council. (12) No boundary vegetation or tree shall be damaged, tampered with or removed without the prior written consent of the Council. (13) In the event of any boundary vegetation or tree being damaged, tampered with or removed, the Council may replace such vegetation or tree at the expense of the owner of the site concerned, in which case a certificate shall constitute final proof of such damage, tampering or removal and the cost of such replacement.	"droogwerf" enige geslote area sonder dak nie groter as 20 m² nie; "oorslag" bestaande uit stroke wat nie meer as 150 mm breed is nie, wat horisontaal oormekaar slaan; "maksimum ontwikkelingsomsluiting" die parameters van die driedimensionele diagram wat op die planne genummer TPZ 11246/1 tot en met TPZ 11246/103 aangedui word, maar sluit nie enige oorskryding soos aangeteken op sodanige plan in nie; "paaltjies" bestaande uit parallelle vertikale stroke wat nie meer as 100 mm breed is nie, met 'n maksimum spasiering van 75 mm; "teken" enige teken waarop 'n naam, nommer of enige inligting ook al aangedui word; "belat" bestaande uit parallelle vertikale stroke wat nie meer as 150 mm breed is nie; "boom" enige boom, soos aangedui op Planne TPZ 11247 en TPZ 11247/1; "plantegroei" sonder om die gewone betekenis daarvan te beperk, ook enige heining of struik. (2) Die bepalinge van hierdie afdeling is spesiale bepalinge wat op die hele Clifton-bungalowgebied van toepassing is. (3) Geen punt op enige struktuur wat opgerig is of opgerig gaan word, mag oor die maksimum ontwikkelingsomsluiting uitstaan of daaroor uitsteek nie. (4) Die afgewerkte voorkoms van alle buitemure van enige geboue wat op enige terrein opgerig gaan word, moet van oorslag- of belatte timmerhout, of gegolf wees. (5) Alle dakafwerkings moet gegolf wees, behalwe waar die Raad toestem tot 'n leiklipafwerking. Die minimum helling van sodanige dak moet 15° wees, behalwe waar dit deur die beperkings van die maksimum ontwikkelingsomsluiting verhoed word. (6) Enige vrystaande heining — (a) moet belat of van paaltjies wees; en (b) mag nie meer as 1,25 m hoog wees nie, behalwe in die geval van die omheining van 'n droogwerf, wat tot 'n hoogte van nie meer as 2,1 m opgerig mag word. (7) Enige vrystaande muur — (a) moet gepleisterde messelwerk in kleur geverf wees; en (b) mag nie meer as 1,25 m hoog wees nie. (8) Geen droogwerf mag binne 3 m van enige grens wees wat die terrein van enige openbare deurgang of openbare oopruimte of straat skei nie. (9) Geen buitekantste grondkeermuur mag meer as 1,25 m hoog wees nie. (10) Geen dakligte, skoorstene wat nie van messelwerk is nie, sonwaterverwarmers, komme vir die ontvangs van satelliettekens, of enige ander voorwerpe mag in, op of bo die dak van enige gebou of op enige ander plek op enige terrein geleë wees nie, behalwe met die Raad se toestemming. (11) Geen teken mag op 'n terrein vertoon word sonder die voorafverkreë skriftelike toestemming van die Raad nie. (12) Geen grensplantegroei of boom mag beskadig, aan gepeuter of verwyder word sonder die voorafverkreë skriftelike toestemming van die Raad nie. (13) Ingeval enige grensplantegroei of boom beskadig, aan gepeuter of verwyder word, kan die Raad sodanige plantegroei of boom op koste van die eienaar van die betrokke terrein vervang, in welke geval 'n sertifikaat finale bewys van sodanige skade, peutery of verwydering en die koste van sodanige vervanging uitmaak.
---	---

- (14) No exterior glazing other than that of the clear or frosted type shall be installed in any building on a site.
- (15) Any building plan submitted to the Council in respect of a site which will effect alterations of any building thereon shall be accompanied by a certificate from a registered Land Surveyor to the effect that such alteration does not project or extend beyond the maximum development envelope or beyond the cadastral boundaries of the site.
- (16) The appearance of any building erected on a site and the height and density of any vegetation shall be in keeping with the general character of the area and to the approval of the Council."

P.N. 192/1992

3 April 1992

LESS FORMAL TOWNSHIP ESTABLISHMENT ACT, 1991
(ACT 113 OF 1991)

DESIGNATION OF AN AREA FOR LESS FORMAL
SETTLEMENT: WELLINGTON

AMENDMENT

The word "buite" in paragraph 1 of P.N. 71/1992 dated 31 January 1992 is hereby amended for the word "binne" and the word "bepaling" in paragraph 5 is hereby amended for the word "beplanning".

KNYSNA MUNICIPALITY:

REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1967
(ACT 84 OF 1967)

It is hereby notified in terms of section 3(6) of the above Act that the undermentioned application has been received by the Minister and is open to inspection at Room 612, Customs Building, Cape Town, and at the office of the Town Clerk, Knysna. Any objections, with full reasons therefor, should be lodged in writing with the Town Clerk, Municipal Offices, Clyde Street, Knysna, on or before 24 April 1992, quoting the above Act and the objector's erf number.

Applicant

Nature of Application

Mr. D. E. Griffiths	Removal of a title condition applicable to Erf 2491, Kamdebo Avenue, Knysna, to enable the erection of a second dwelling unit on the property.
---------------------	--

STELLENBOSCH MUNICIPALITY:

REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1967
(ACT 84 OF 1967)

It is hereby notified in terms of section 3(6) of Act 84 of 1967 that the undermentioned application has been received by the Minister and is open to inspection at Room 612, Customs Building, Cape Town, and at the office of the Chief Town Planner, Department of Planning and Development, Town Hall, Plein Street, Stellenbosch. Any objections, with full reasons therefor, should be lodged in writing with the Chief Executive/Town Clerk, P.O. Box 17, Stellenbosch, on or before 24 April 1992 quoting the above Act and the objector's erf number.

Applicant

Nature of Application

Mr. F. S. Malan	Removal of a title condition applicable to Erf 3831, 10 Hof Avenue, Stellenbosch, to enable an additional dwelling unit ("granny flat") to be erected on the property.
-----------------	--

Chief Executive/Town Clerk.

Notice No 57 dated 27 March 1992.

- (14) Geen ander buitekantste beglasing as die helder of matglassoort mag in enige gebou op 'n terrein geïnstalleer word nie.

- (15) Enige bouplan wat aan die Raad voorgelê word ten opsigte van enige terrein wat verbouings aan enige gebou daarop sal meebring, moet vergesel word van 'n sertifikaat van 'n geregistreerde landmeter ten effekte dat sodanige verbouing nie oor die maksimum ontwikkelingsomsluiting of oor die kadastrale grense van die terrein uitstaan of daaroor uitsteek nie.

- (16) Die voorkoms van enige gebou wat op 'n terrein opgerig is, en die hoogte en digtheid van enige plantegroei moet by die algemene karakter van die gebied pas en deur die Raad goedgekeur word."

P.K. 192/1992

3 April 1992

DIE WET OP MINDER FORMELE DORPSTIGTING, 1991
(WET 113 VAN 1991)

AANWYSING VAN 'N GEBIED VIR MINDER FORMELE
VESTIGING: WELLINGTON

REGSTELLING

Hierby word die woord "buite" in paragraaf 1 van P.K. 71/1992 gedateer 31 Januarie 1992 vervang met die woord "binne" sowel as die woord "bepaling" in paragraaf 5 met die woord "beplanning".

MUNISIPALITEIT KNYNSNA:

WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1967
(WET 84 VAN 1967)

Kragtens artikel 3(6) van bostaande Wet word hiermee kennis gegee dat onderstaande aansoek deur die Minister ontvang is en ter insae lê by Kamer 612, Doeane-gebou, Kaapstad, en in die kantoor van die Stadsklerk, Knysna. Enige besware, met die volledige redes daarvoor, moet skriftelik by die Stadsklerk, Munisipale kantore, Clydestraat, Knysna, ingedien word op of voor 24 April 1992, met vermelding van bogenoemde Wet en beswaarmaker se ernommer.

Aansoeker

Aard van Aansoek

Mnr. D. E. Griffiths	Opheffing van 'n titelvoorwaarde van toepassing op Erf 2491, Kamdebolaan, Knysna, sodat 'n tweede wooneenheid op die eiendom opgerig kan word.
----------------------	--

MUNISIPALITEIT STELLENBOSCH:

WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1967
(WET 84 VAN 1967)

Kragtens artikel 3(6) van Wet 84 van 1967 word hiermee kennis gegee dat onderstaande aansoek deur die Minister ontvang is en ter insae lê by Kamer 612, Doeane-gebou, Kaapstad, en in die kantoor van die Hoofstadsbeplanner, Departement Beplanning en Ontwikkeling, Stadhuys, Pleinstraat, Stellenbosch. Enige besware, met die volledige redes daarvoor, moet skriftelik by die Uitvoerende Hoof/Stadsklerk, Posbus 17, Stellenbosch ingedien word op of voor 24 April 1992 met vermelding van bogenoemde Wet en beswaarmaker se ernommer.

Aansoeker

Aard van Aansoek

Mnr. F. S. Malan	Opheffing van 'n titelvoorwaarde van toepassing op Erf 3831, Hoflaan 10, Stellenbosch, sodat 'n addisionele wooneenheid ("oumawoonstel") op die eiendom opgerig kan word.
------------------	---

Uitvoerende Hoof/Stadsklerk.

Kennisgewing Nr 57 gedateer 27 Maart 1992.

P.K. 329/1992

10 Julie 1992

MUNISIPALITEIT KAAPSTAD:

SONERINGSKEMA:

WYSIGING VAN SKEMAREGULASIES

Ingevolge artikel 9(2) van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985 (Ordonnansie 15 van 1985), wysig die Administrateur van die Provinsie die Kaap die Goeie Hoop hiermee afdeling 98 van die Skemaregulasies van die Soneringskema van die Munisipaliteit Kaapstad deur die invoeging van die volgende onderafdeling na onderafdeling (3):

- (4) Nieteenstaande die bepalinge van onderafdeling (1) tot (3), binne die gebied waarvan die grens met swart aangetoon word en wat as 'Bakoven- Spesiale Gebied' op Plan TPW 10254 van die kaart gespesifiseer word—

(a) mag geen gebou 'n hoogte van meer as twee verdiepings oorskry nie; en

(b) mag geen punt op enige struktuur meer as 6 m bokant die finale grondhoogte wat onmiddellik onder sodanige punt is, wees nie.

P.N. 331/1992

10 Julie 1992

MUNISIPALITEIT FRANSCHHOEK:

STANDAARDVERORDENING BETREFFENDE OPENBARE GERIEWE

